DESEMBER 2023

# KONTAK



## Maak 'n Verskil
### PROJEK VYF BROODJIES

## Lied in My Hart

## Ek en die Sabbat
### WONDERWERK IN OEKRAÏNE

## TEOLOGIESE GESPREK
### Evangelisasie DeLuxe

## Wanneer Ek EG White Bestudeer

## KINDERHOEKIE

## GEROEP OM TE STERF
### ABL Leierskap Kamp

EK SAL GAAN

OFFISIËLE TYDSKRIF VAN DIE NOORDELIKE KONFERENSIE VAN SEWENDEDAG-ADVENTISTE IN SUID-AFRIKA

# REDAKSIE

## SKRYF JOU STORIE

Ons beleef 'n tyd soos nooit vantevore en terwyl 'n wereld kantel en waggel speel ons, ons rol. Ja, ons is besig om ons eie storie te skryf - 'n storie wat eendag voorgelees gaan word! Mag die Skepper met U wees soos die bladsye omvou in wat die hemelgange sal laat eggo met verwondering vir die goedheid van ons God. Mag u storie ontsagwekkend wees!

Kontak gee u 'n blik op gebeure in ons area, Word saam met ons opgewonde oor mense wat nuwe hoop kry; 'n bekertjie warm sop, 'n bemoedigende woord, belangstelling en 'n gebed. Lees wat die personeel vroeg Woensdae-oggende doen en kom saam!

Fassineer ware verhale oor wonderwerke en engele u? Moenie ons boekresensie misloop nie - Story Catcher is 'n boek wat lewens verander!

Intussen is enorme dinge aan die gebeur met die verspreiding van die boek van die jaar: Die Groot Stryd Projek 2.0 is verleng tot 2025. Kyk hoe ons literatuur evangeliste aan die voorspits is.

Ons jongmense staan in rye by die doopbad, en lewens word geraak deur kampe regoor ons konferensie. Abundant Life het 'n reeks vir jong leiers wat eindig in 'n blik op ons herkoms op eie bodem. Nou kan jy ook jou kennis opskerp in jou leesstoel!

Moenie ons gereelde rubrieke mis oor gesondheid, hoe ons mense Sabbat vier, 'n kykie na ons pragtige liedere, hoe om Ellen White te verstaan en 'n indiepte teologiese gesprek vir almal.

Ons kinderhoekie is propvol stories, inspirasie, aktiwiteite en interessanthede. Ons doen 'n beroep op ons ouers en kerke om die laaste bladsye (pp49 -61) vir u kinders uit te druk sodat hul, hul eie tydskrif kan geniet.

Indien jy 'n saamtrek of geleentheid gemis het gaan maak gerus 'n draai by ons YouTube kanaal. Die skakels na al ons sosiale netwerk kanale is onder aan hierdie bladsy en sal jou op hoogte hou van alle aktiwiteite - volg ons..

**Groete in Christus**
**Die Redakteur**

## OMTRENT ONS

Kontak is die offisiële tydskrif van die Noordelike Konferensie van Sewendedag-Adventiste in Suid-Afrika

Opinies wat gelig word is nie noodwendig dié van die Konferensie of die redaksionele span nie.

Die Noordelike Konferensie Weeklikse Bulletin is propvol nuus en hulpbronne vir kerke en lede. Teken hier in of sluit aan by die groep. (kliek hier)

Ons kantoor adres: Oxfordweg 131, Bedford Gardens 2007, Gauteng, Suid Afrika.
+27(0)11 616 6800



Die Kommunikasie & Digitalisasie span
**Lr Reece Anderson, Daleen Rodgers en Obakeng Mafatshe**

As u enige nuus van 'n gebeurtenis of artikel het om te deel, kontak ons asseblief by: contact@nc.adventist.org

DESEMBER 2023

10

Projek Vyf Broodjies
Warm Kos
Gebed en Omgee
Bring Hoop





15

Ware gesondheid
Voorkoming
Leef beter
Resepte

44

Geroep om te Sterf
ABL
Leierskap Drie
Ons Begin





49

Pretblaaie
Koel dinge vir kinders
Tyd met Jesus
Storietyd

# INHOUD


02 Redaksie
04 Oordenking deur die President
05 Van die Sekretaris se Pen
06 Nuusbrokkies
09 Nuwe SS Kinder Leerplan
10 Projek Vyf Broodjies
12 Floreer
14 Profiel van Adventiste Manne
15 Ware Gesondheid
17 Kinder Musiekfees
19 Die Groot Stryd Projek 2.0
21 Op My Boekrak
22 Lied in my Hart
26 As ek Ellen White Bestudeer
28 Opvoeding vir Ewigheid
30 En die Bruid het Wit gedra
31 Tyd om te Tabernakel
33 Ek en die Sabbat - Wonderwerk!
35 Teologiese Gesprek
39 Mobiele Etes
40 Baanbrekers - Gaan met Jesus
42 Jaar met ABL
44 Geroep om te Sterf - Leierskap
49 Kinderhoekie



Redakteur, samestelling, ontwerp en bladuitleg:
- Daleen Rodgers

Vertaling en taalsorg:
- Reg en Anita van Deventer

Kinderhoekie ontwerp
- Andriëtte Mielmann

# EK WIL WEES SOOS JESUS

## OORDENKING DEUR ONS PRESIDENT

Lr Rambelani  Peter Maligudu



**Romeine 8:29 sê dat God Sy volk uitverkies het om tot Sy Seun se beeld verander te word: om soos Jesus te word.**

Christene oral het een algemene brandende begeerte. Dit is om soos Jesus te wees. Om soos Jesus te wees, soos wat die liedjie sê, "Net soos Jesus wil ek leef, orals waar ek my begeef: ek wil maar gedurig streef om te wees soos Jesus."

Die lirieke van hierdie lied is doelbewus, uitdagend en instaatstellend. Dit beeld die rusteloosheid van 'n siel uit wat moeg is van middelmatigheid, selfbegrip en jammerte en 'n ingeduikte, vervelige en gekneusde identiteit. Dit druk 'n verlange uit om die volle beeld van 'n vleklose, perfekte patroon of model te verkry. Sy Naam is Jesus.

Christelike mans en vroue weet dat dit deur die genade van God is dat hulle hierdie 'beeld' kan verkry, hulle moet net 'die evangelie preek en, waar nodig, woorde gebruik" soos wat beweer word dat Francis van Assisi gesê het. "Preek die evangelie te alle tye, en indien nodig, gebruik woorde." Uitgedruk in sy (Francis) se gesegde is die begrip dat die mees kragtige preke dikwels ongesproke is.

Ellen G White getuig van die gedagte dat evangelisasie maklik sal wees om uit te dra indien almal wat die Christelike pad volg, soos Christus sou wees. Sy sê: "Daar is meer welsprekendheid van woorde in die stil, konstante lewe van 'n rein, ware Christen. Dat 'n mens meer invloed het as wat hy sê.' MH bladsy 469. En hierdie is so omdat "Die sterkste argument ten gunste van die evangelie is 'n liefdevolle en beminlike Christen" HH bladsy 470.

John R.W. Stott, (1921 – 2011) som die konsep van om soos Christus te wees op deur te sê dat ons soos Jesus word deur Sy nederigheid, Sy diens, Sy liefde, Sy geduldige verdraagsaamheid en Sy sending, na te volg.

Dit is egter EG White se stelling wat elke kind van God uitdaag om die leiding van die Gees te soek om 'n opregte, betroubare lewe soos Christus te leef.

Die Heiland se hele lewe was gekaraktiseer deur onselfsugtige weldadigheid en die prag van heiligheid. Hy is ons patroon van goedheid. Van die begin van Sy bediening, het die mense begin om God se karakter duideliker te verstaan. Hy het Sy leringe in Sy eie lewe uitgeleef. Hy het konsekwentheid betoon sonder hardnekkigheid, weldadigheid sonder swakheid, sagtheid en simpatie sonder sentimentaliteit. Hy was baie sosiaal, tog het Hy 'n teruggetrokkenheid besit wat enige familiariteit ontmoedig het. Sy matigheid het nooit gelei tot dwepery of strengheid nie. Hy het nie soos die wêreld geword nie, nogtans was Hy skerpsinnig vir die behoeftes van die geringste onder die mense.--CT 262 (1913). {2MCP 622.3}

Ons kan nie eers op ons eie probeer nie, maar dank God dit is nie "deur mag of deur krag nie" maar deur Sy Gees.

# ONS IS OPPAD

## UIT DIE UITVOERENDE SEKRETARIS SE PEN

Lr Reece Anderson



**Liewe Kerkfamilie,**

Soos wat die jaar na 'n einde toe haas, en ons op die drumpel staan van 'n nuwe begin, vind ek myself dat ek terugkyk op die reis wat ons saam in geloof aangepak het. Hierdie jaar, soos elke jaar, was 'n reis. Elkeen van ons, op ons eie unieke maniere, het die hoogtes en laagtes wat die lewe bied, bevaar.

Ellen White het eenkeer gesê, "Die ou jaar, met sy las van rekordhouding, is besig om vinnig verby te gaan. Die nuwe jaar, met al sy moontlikhede, sal binnekort ingelui word. Watter vordering het ons gemaak in die kennis van Christus gedurende die afgelope jaar? Is ons bereid om meer beslis as ooit tevore te wys dat ons aan die Here se kant is?" **Signs of the Times, 2 Januarie 1901.** Hierdie plegtige vraag nooi ons uit om na binne te kyk en ons persoonlike groei in geloof en ons gereedheid om saam met Christus te staan in die komende jaar, te assesseer.

In die gees om goed te begin en goed te eindig, laat ons die woorde onthou van die Apostel Paulus in Filippense 3:13-14, "Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus." Hierdie moedig ons aan om die verlede te laat gaan en uit te sien na die toekoms met hoop en vasberadenheid.

Soos wat ons hierdie jaar afsluit, wil ek my opregte dankbaarheid aan God bied vir Sy getroue en standvastige liefde wat Hy hierdie jaar op ons uitgestort het, terwyl ons met verlangende harte uitkyk na die toekoms, met die wete dat Sy wederkoms soveel nader is as toe ons eerste geglo het.

> IS ONS BEREID OM MEER BESLIS AS OOIT TEVORE TE WYS DAT ONS AAN DIE HERE SE KANT IS?

Mag die komende jaar hernieude krag, dieper geloof, en oorvloedige seëninge aan u en u geliefdes bring. Laat ons die toekoms omhels met optimisme en 'n toewyding om ons geloof uit te leef.

Ek wens u 'n geseënde en vreugdevolle Nuwe Jaar toe.

In Sy Diens!

# NUUSBROKKIES

## JONG DOPELINGE

Die Sabbatskool en Persoonlike Bedieninge (SSPB) departement het 576 dopelinge vir die tweede helfte van die jaar aangeteken. Hierdie dopelinge kom uit 53 gemeentes in die Konferensie. Die getal is gebaseer op die terugvoering wat ons ontvang het van plaaslike gemeentes, en daar mag dalk nog meer wees. Die SSPB departement moedig alle gemeentes aan om in 'n kort epos enige doopdienste aan te meld by: jansenl@nc.adventist.org

Tydens die Impak SAU Doopdiens op 16 September het die NKSA en die TOK (Trans-Oranje Konferensie) hande gevat en 42 kandidate is by Sedaven gedoop.





*Jeug gedoop by Hoedspruit (bo en onder)*



*13 jong siele gedoop by Westenburg & Tzaneng*

***Ambassodeurs/Jong Volwassenes Doop***



*Ons jeug het die pas aangegee toe 40 jongmense op 2 September 2023 gedoop is.. Ons eerste Jeug-Doopdiens het te Blue Hills geskied. (Kliek vir YouTube skakel)*

*Lr Talent Moyo het beklemtoon dat sonder hierdie gebeurtenisse, ons jeugbedieninge departemente passasiers sal word.*

*Gesien hier van links agter regsom is lrs Monkitsi Seoketsa, Ndaba Mvelasi, Talent Moyo en John Africa heel voor.*

# NUUSBROKKIES

## WELKOM AAN DIE NUWE PK'S! (PREDIKANTS KINDERS)

***' Mag die Here jou seën en jou beskerm.***

***Mag die Here sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees.***

***Mag die Here sy aangesig na jou toe oplig en aan jou vrede gee.'***

***Númeri 6:24-26***



Welkom aan Gabriella, dogter van lr Jaco en Raquel van Niekerk en trotse ouboet, Raphael.

Die Thotolo familie het 'n seun ryker geword! (regs). Hier is trotse ouers, lr Lerato en Cleo, met hul pragtige span: Siphokazi, Siphesihle en nuweling Tumahole Esethu. Baie geluk!

Die Namucana familie tydens die toewyding van baba Elnathan. lr Larry, mamma Khahliso en ouboet Neriah geniet lr Jaco van Niekerk se advies.





Welkom aan nuweling, Milani! Sy is die dogter van lr Thokozani en Boniswa Mphetswa. Haar ousus is Khwezi.

.



# NUUSBROKKIES

## NKSA BY SAU RENTMEESTERSKAP KONVENSIE




Die Suider-Afrika Unie Rentmeesterskap Bediening het 'n konvensie georganiseer vir al agt Konferensies vanaf 8 tot 10 September 2023 by die hoofkwartiere in Bloemfontein, onder die tema " Aanbid die Een wat op die troon sit"

'n Hoogs aangedrewe NKSA span van 18 afgevaardigdes wat bestaan het uit die plaaslike kerk rentmeesterskap direkteure, predikante, en die rentmeesterskap adviserende span het dit bygewoon.

**Belangrike lesse geleer:**
Om God te erken as die Skepper, Eienaar, Onderhouer, en Verlosser van die mensdom is rentmeesterskap (Genesis 2)

Terwyl die mensdom heerskappy gegee was oor al die laer ordes van die skepping, was sy rol en bly dit 'n rentmeester en nie 'n eienaar nie. (Genesis 1:26-28

Totale gehoorsaamheid en vertroue op God vir geestelike voorspoed vir die individuele lidmate en die kerk (Deuterónomium 28).

"Christus sou die volk in die beloofde land ingelei het met 'n baie meer direkte roete indien hulle 'n gewilligheid getoon het om deur Hom gelei te word en om hulle afhanklikheid op Hom te plaas. Indien hulle die aanwysings wat deur Moses gegee was, gehoorsaam het, sou nie een van diegene wat die reis vanaf Egipte begin het, die prooi geword het van siekte of die dood nie. Hulle was onder 'n veilige gids. Christus Homself het beloof om hulle veilig na die beloofde land te lei indien hulle Sy leiding sou volg. Hulle was onder Sy direkte leierskap en in elkeen van hulle het Hy belanggestel. Hulle het egter toegelaat dat ongeloof hulle harte binnedring en het teen Moses en Aäron gemurmureer omdat hulle hulle uit Egipte gebring het, en hulle is gestraf." Brief 259, 1903

# NUUSFLITS

## NUWE SABBATSKOOL LEERPLAN VIR KINDERS - 2025







# OP EN WAKKER IN JESUS!







**Deur Estelle Baker, Direkteur: Kinderbedieninge**

Die Op en Wakker in Jesus Kinders se Sabbatskool leerplan is 'n Bybel leerplan wat daarna streef om die geestelike lewe van ons kinders en jeug te koester vandat hulle babas is totdat hulle 18 is. Ja, **'n nuwe plan vir babas tot met een jaar word beplan!** Ons word aangeraai "Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie" (Spreuke 22:6). Sodanige opleiding is nie 'n klein takie nie. Die Op en Wakker in Jesus Bybel leerplan streef daarna om ouers, versorgers, Sabbatskoolonderwysers, leiers en ander toe te rus en te bemagtig om 'n florerende verhouding met Jesus uit te leef en aan te moedig in die kinders in hulle sfere van invloede.




Die Op en Wakker in Jesus leerplan stel kinders en jeug aan Jesus voor deur die pragtige stories in die Bybel (insluitende 'n duidelike Sewendedag-Adventiste wêreldsiening en die 28 fundamentele geloofbeginsels) om 'n seën in hulle een-en-twintigste eeu lewens te bring. Hierdie leerplan wys jongmense dat die waarhede van die Bybel onveranderlik en betroubaar is, en rus hulle toe om die Bybel betekenisvol vir hulleself te bestudeer om uiteindelik die tydlose waarhede van die Bybel met andere te deel.




<u>Leer meer oor die nuwe Curriculum: (kliek hier)</u>

Kontak die NKSA se Kinderbedienge Department (children@nc.adventist.org) vir meer inligting en ook vir beplande opleidingsdatums in 2024.

# PROJEK VYF BROODJIES



## NKSA PERSONEEL MAAK 'N VERSKIL

**Deur Denise Pretorius**

Projek Vyf Broodjies is op 'n ysige wintersoggend van stapel gestuur met slegs twee potte sop, brood en twee tafels in 'n besige straat in die ou deel van Bedfordview, Johannesburg. Aanvanklik was die personeel onseker wie ons sou voed... maar God het geen tyd gemors om ons die pad te wys nie. Al wat Hy nodig gehad het, was gewillige hande. Ons was in 'n oogwink gevestig!





Deesdae, wanneer ons motors op 'n Woensdag-oggend daar stop, wag "kliënte" reeds ... 'n netjies geklede gogo met haar kleinkinders wat respekvol vra of daar ook iets oor is om huis toe te neem vir aandete. Die jong mamma met haar baba op die heup en 'n klein dogtertjie met goue hare wat opgewonde is oor sopkombuis-oggend. En dan is daar die jong paartjie en 'n klompie "gereeldes' wat 'n paar meter verder staan en geduldig wag dat ons potte gereed is vir bedien.



Die personeelgroep verdeel nou al in verskillende rigtings om die kos uit te deel. Sommige bedien die skool, ander dien waar die tafel staan en ander verdeel in klein groepies wat die omliggende area dek om die straatmense te bereik wat besig is met hulle herwinning. Ons kosaanbiedinge, gebede en bemoediging word met aanvanklike verrassing, vreugde en selfs ongeloof ontvang ... maar altyd met dankbaarheid.

Plaaslike mense herken ons en stop om te gesels. Ons word geseën!

> GOD HET GEEN TYD GEMORS OM ONS DIE PAD TE WYS NIE

# PROJEK VYF BROODJIES (VERVOLG)



Die projek is aangevuur deur 'n verlange van die NKSA-personeel om die hande van ons liewe Here, Jesus, in ons onmiddellike omgewing te wees en die vraag is geopper "As die Konferensiegebou sou verdwyn, sou die Bedfordview-gemeenskap dit agterkom?" Onder leiding van Lr Hendrik de Winnaar en die Persoonlike Bedieninge Departement is 'n klein komitee gestig en die projek het vorm aangeneem. Ons nederige begin het al gegroei tot 'n gazebo met ons handelsmerk op.





Op die heel eerste oggend is 'n groep na 'n klein skooltjie vir minderbevoorregte kinders gelei. Die skoolhoof en kinders het nie net die kos verwelkom nie, maar ook die sielskos wat Etah Chivovo, 'n lid van die staf by NKSA, gedeel het... Dit is, soos dit geblyk het, 'n skool wat deur 'n SDA-lid besit word. Die skooltjie bedien tussen 60 en 70 kinders van die plaaslike omgewing, maar die meeste van hulle is van 'n nabygeleë skuiling. Wanneer ons op 'n Woensdagoggend opdaag, skitter oë en is glimlagte volop! Vir sommige van hierdie kinders is ons Woensdagoggend-aanbieding die enigste ete vir wie weet hoe lank.



As 'n groep het ons besluit om ons tyd, geld en hulpbronne te bestee om hul einde-van-jaar-funksie aan te bied. Ons het springkastele gehad wat vir die geleentheid geborg is, speletjies en eetgoed. Selfs Leraar Rambelani Maligudu het in die dag se feestelikhede gedeel. Dit is so 'n seën om vir hierdie kinders te kan gee... Ons het net vanoggend gesels, stel jou voor of net een van hulle die volgende Lr Carlton Byrd of Lr Rambelani Peter Maligudu kan wees. Bid saam met ons, want God vermeerder sy goedheid en barmhartigheid in hierdie bediening.




Elke week is daar iets anders op die spyskaart; heerlike sop, breyani, worsbroodjies en lensie kerrie en rys met dank aan die kombuis van Mobiele Etes, Alberton. Die projek word finansieël gedra deur die vrygewigheid van die personeel van die NKSA. Kontak asseblief vir Alison Newton by newtona@nc.adventist.org as jy geïnspireerd voel om te help met bydraes of om ons op 'n Woensdagoggend tussen 8 en 9 te vergesel. DIE BEHOEFTE GROEI WEEKLIKS!

# FLOREER

## NKSA VROUESAAMTREK

Deur Daleen Rodgers

Gedurende die laaste naweek van Julie, was die NKSA se Vrouesaamtrek gehou in Springs en was goed bygewoon deur 120 dames van dwarsdeur die konferensie en van suster konferensies. Die saamtrek was georganiseer deur Estelle Baker, Direkteur van NKSA Vrouebedieninge Departement. Dit het 'n spasie geskep vir vroue om dit stadiger te vat, te rus, saam te leer, verhoudings te bou, te lag, pret te hê, 'n wegkom kans te geniet, en dit was die ideale omgewing om bybelse lering in te neem.

Die tema, "FLOREER" het die dames herinner aan hoeveel hulle het om aan hulle families, bedieninge en gemeenskappe te bied deur eenkant toe te gaan en tyd saam met hulle Skepper deur te bring. Jesus het die voorbeeld gestel terwyl "... Hy dikwels onttrek het van die gedruis van die stad na die stilte van die velde, wat meer in harmonie is met die lesse van eenvoud, geloof en selfverloëning." (E.G. White, MH, 53)

'n Verskeidenheid van bevoegde sprekers uit verskillende spesialiteite het inspirerende boodskappe gelewer. Die hoofgasspreker was Lr Lola Johnston, 'n dinamiese prediker en hooggeagte teoloog van die Verenigde State van Amerika. Sy het "Bloom Ministries" gestig, waar vroue aangemoedig word om hulle volle potensiaal te bereik en met grasie te lei." Somtyds vind vroue hulleself in posisies waar hulle deur God geroep word, maar kom in kontak met verwerping oral om hulle.



Lr Lola Johnston en Estelle Baker

Deur haar inspirerende onderrig, het Lr Lola die vroue aangemoedig deur verskillende maniere waarop Jesus met Maria en Martha, die susters van Kapernaum, interaksie gehad het, wat die belangrikheid illustreer om te fokus op wat saakmaak. Somtyds, oorskat vroue, net soos Martha, hulle bydrae tot God se plan vir hulle lewens en onderskat hulle eie kritieke behoefte aan Hom: "Om so hard te probeer om daardie moeder/ bedien-ingeleidster/loopbaanmeisie te wees waarna almal streef om te wees, laat jou in 'n alleen, donker spasie waar jy die Verlosser uitgesluit het. Martha was oormatig besorgd om haar gaste te voed ... maar Jesus het 'n skare van 5000 gevoed net 'n hoofstuk vantevore! Is u ook somtyds besorgd oor sinnelose dwaasheid? Hoe dikwels is ons op die randjie van ingee oor dit wat God met een enkele woord kan doen? Daardie dag het Jesus nie vir 'n maaltyd gekom nie. Hy het gekom om 'n huisbesoek te doen ... aan beide susters!",



*Agter, links na regs: Estelle Baker, Juanita Africa, Lauren Moonsamy, Thobekile Ngwenya, Mercy Shibalabala*

*Voor, links na regs: Rumbi Hwinya, Zodwa Kunene, Pastor Lola Moore Johnston, Tshidi Nyama, Molly Solundwana*

vervolg op vlg. bl./

# FLOREER

## (VERVOLG)

Die sessies was goed gebalanseerd met genoeg tyd vir gebede, inspirerende musiek en aanbidding, soet reünies met vriende, heerlike maaltye en snoeperye en selfs 'n oefening- en reksessie! Dwarsdeur die naweek was die vroue herinner om deur Jesus gelei te word, Hom eerste te stel, Sy geselskap na te jaag en te FLOREER!

"Wanneer elke ander stem stil geraak het, en ons in stilte voor Hom wag, beklemtoon die stilte van die siel die stem van God. Hy gebied ons, "Laat staan en weet dat Ek God is." Psalm 46:11. Dit is die doeltreffende voorbereiding vir alle werksaamhede vir God. Te midde van die gejaagde skare, en die druk van die lewe se intense aktiwiteite, sal hy wie so verfris is, omring wees met 'n atmosfeer van lig en vrede. Hy sal 'n nuwe toebedeling ontvang van beide fisiese en verstandelike krag. Sy lewe sal 'n geur uitstraal, en sal 'n goddelike krag openbaar wat mense se harte sal bereik." (E.G. White, HH Hoofstuk 3)

**Aanbieders en Sprekers by die 2023 Saamtrek:**

Adele van der Merwe het die oggendgodsdienste uitgelei.
Thobekile Ngwenya het stappe aangebied tot persoonlike herlewing.
Zodwa Kunene, oor om te floreer in jou gekose bediening.
Molly Solundwana vol passie oor tronkbediening, het die dames uitgedaag om betrokke te raak.
Die soet stem van Mercy Shibalabala het die gees opgebou.
Lauren Moonsamy het loopbaanvroue aangemoedig om God te vertrou aangesien Hy 'n onmoontlike droom waar kan laat word.
Emma Munyoro het verhoudingsleiding gegee.
Sutukazi Mabona oor die belangrikheid van selfversorging.
Tshidi Nyama het geleer om te floreer met jou finansies.
Dr Mandy Mtwesi het uitgelei in die gebedstyd.
René Winter het die vroue stappe gegee tot persoonlike herlewing.
Tsholo Maligudu het die gebedsessie op Sondag gelei.
Charlene Hector het haar kragtige getuienis oor gesondheid en heling gelewer.



*Tesame met Estelle Baker is twee vroue wat al die pad van Tzaneen, Limpopo, gereis het; Rosita Muller en René Winter aan die regterkant.*



*Tsholo Maligudu, Ir Rambelani Maligudu, NKSA president se wederhelfte, het die gebedsessie op Sondag gelei.*

**Waarom behoort u dit te oorweeg om na die 2024 NKSA Vrouesaamtrek te gaan?**

- **Skakel af van tegnologie en skakel by God in**
- **Verkry duidelikheid en perspektief oor die lewe en verhoudings**
- **Konnekteer met Christus-gesinde susters**
- **Leer iets nuut**
- **Bid saam**
- **Keer terug huistoe verfris en vol energie**

# PROFIEL VAN ADVENTISTE MANNE

## ADVENTISTE MANNE ORGANISASIE

deur Dr Jacob Mahlangu



**Sterk Manne Handhaaf Sterk Kerke.**
**Waar kry jy sodanige manne?**

"Vanaf die begin het die kerk op aarde bestaan uit getroue manne. In elke geslag het die Here Sy wagters gehad, wat 'n getroue getuienis oorgedra het aan die geslag waarin hulle geleef het. Hierdie wagters, het die boodskap van waarskuwing gegee; en toe hulle geroep was om hulle wapenrusting neer te lê, het ander die werk opgeneem. God het hierdie getuienisse in 'n verbondsverhouding met Homself gebring, en die kerk op aarde met die kerk in die hemel verenig. Hy het Sy engele uitgestuur om Sy kerk te bedien, en die poorte van die hel was nie in staat om teen Sy volk te seëvier nie." (Reflecting Christ, bladsy 96)

**"Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?"**
**Romeine 8:31**

**Organisasie en Plan**

Aan die begin van hierdie huidige driejaar tydperk, het die departement plaaslike AMO direkteure by Sedaven gemobiliseer vir opleiding, toerusting en bemagtiging vir sending. In die opleidingsessie was 'n adviesraad gestig en getaak om leierskap te voorsien en 'n plan te ontwikkel om AMO projekte en programme oor die driejaar tydperk uit te dra.

**Noodsaaklike besorgdhede waarmee AMO stoei:**

- **Manne se plek en rol voor God**
- **Manne se plek en rol in die gesin**
- **Manne se plek en rol in die gemeenskap, met verwysing na menslike sekuriteit, vrede, en geslags-gebaseerde geweld**
- **Manne se plek en rol in die kerk en sending van die kerk**
- **Manne se plek en rol met betrekking tot omgewingsbewaring**

'n Goeie aantal programme wat aktiwiteite dek soos Manne Ontbytsessies, besprekings oor manne se rol in die Gesin, Gesinsfinansies, Selfvertroue en Evangelisasie was in verskeie kerke gehanteer die afgelope jaar.

Die AMO Kongres te Sedaven Estate op 14 Oktober 2023 het gedemonstreer dat suiker altyd in die bodem van die koppie is. Groot dinge gaan nog kom vir AMO, en deur AMO soos wat die Here sal lei.

**"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."**
**Filippense 4:13**



**AMO Kongres, Sedaven**

# WARE GESONDHEID
## ‘N EENVOUDIGE DIEET – ‘N SKOUSPELAGTIGE LEWE

**Deur Connie Penniken**



In onlangse jare was die Noordelike Konferensie van Sewendedag-Adventiste Gesondheids-departement op ‘n missie om gesonder lewenstyle te promoveer en die welstand van ons gemeen-skappe en lidmate te verbeter. Een van die mees treffende maniere wat ons hierdie doel bereik het, is deur ‘n heel voedsel plant-gebaseerde dieet te promoveer. Meer as dit, is ons opgewonde om ons nuutste inisiatief te deel: Hierdie sleepwa aankoop sal ons in staat stel om gesonde plant-gebaseerde voedsel aan ons lidmate en gemeenskappe aan te bied, wat dit nog makliker sal maak vir almal om die voordele van hierdie lewenstyl te geniet.

**Die Gesondheidsvoordele van ‘n Heel Voedsel Plant-Gebaseerde Dieet**

1. **Hartgesondheid:**
‘n Heel voedsel plant-gebaseerde dieet is ryk aan vrugte, groente, heelgrane, neute en sade en is van nature laag in versadigde vette. Hierdie dieet is ge-koppel aan verminderde risikofaktore vir hartsiek-te, insluitend laer cholesterol vlakke, bloeddruk, en liggaamsgewig. Deur plant-gebaseerde voedsel te kies, kan ons ons kardiovaskulêre gesondheid beskerm en die kans van hart-verwante kwessies verminder.

2. **Gewigsbestuur:**
Heel voedsel plant-gebaseerde diëte is tipies laer in kaloriedigtheid, wat beteken dat jy groter por-sies van bevredigende, voedingsryke voedsel kan eet, terwyl ‘n gesonde gewig behou word. Dit maak dit makliker om porsiegroottes te beheer en dit te vermy om te ooreet, wat help met gewigs-bestuur en oorgewig voorkom.

3. **Voorkoming en Bestuur van Diabetes:**
Plant-gebaseerde diëte word geassosieer met ‘n verminderde risiko van tipe 2 diabetes. Die hoë veselinhoud van plant-gebaseerde voedsel help om bloedsuikervlakke te reguleer asook insulien-sensitiwiteit. Vir diegene wat alreeds met diabetes gediagnoseer is, kan ‘n plant-gebaseerde dieet help om die toestand beter te bestuur en die behoefte aan medikasie potensieel te verminder.

4. **Vermindering van Kankerrisiko:**
Navorsing stel voor dat ‘n plant-gebaseerde dieet die risiko van sekere kankers kan verlaag, veral kolon-, bors- en prostaatkankers. Die oorvloedige antioksidante, fito-chemikalieë, en vesel in plant-gebaseerde voedsel voorkom selskade en bevorder gesonde selgroei.

5. **Gesondheid van Ingewande:**
‘n Plant-gebaseerde dieet bevorder ‘n gesonde ingewande mikrobiome as gevolg van sy hoë veselinhoud.



# WARE GESONDHEID (VERVOLG)

Dit kan lei tot verbeterde vertering, verminderde inflammasie en verbeterde voedingstofopname. 'n florerende ingewande mikrobiome is noodsaaklik vir algehele gesondheid enwelstand.

6. **Langlewendheid:**
Studies het getoon dat individue wat 'n plant-gebaseerde dieet volg, 'n langer lewensverwagting het. Deur die risiko van kroniese siektes te vermin-der en algehele gesondheid te promoveer, kan 'n plant-gebasererde dieet bydra tot 'n langer, gesonder lewe.

**Bekendstelling van Ons Gesonde Plant-Gebaseerde Voedselsleepwa**

As deel van ons voortgesette toewyding tot die promovering van gesonde lewenstyle, is ons opgewonde om aan te kondig die verkryging van 'n mobiele voedselsleepwa wat daaraan toegewy is om heerlike en voedsame plant-gebaseerde maaltye en lekkernye aan ons gemeenskap en lidmate te bied. Hierdie sleepwa sal ons in staat stel om 'n wyer gehoor te bereik en gesonde voedselopsies meer toeganklik, bekostigbaar en gerieflik te maak.

**Wat Kan U Verwag van Ons Sleepwa:**
- 'n Diverse tog eenvoudige spyskaart wat 'n wye reeks van heel voedsel plant-gebaseerde opsies bevat, van heerlike slaaie tot geurige graangeregte en proteïne-ryke peulgewasdisse.
- Vars voorbereide maaltye met plaaslike beskikbare seisoenale bestanddele waar moontlik.
- Voedingsinligting en opvoedkundige materiaal om jou te help om keuses oor jou dieet te maak.
- 'n Vriendelike en verwelkomende atmosfeer waar




jy kan leer oor die voordele van 'n plant-gebaseerde lewenstyl en kan konnekteer met individue wat dieselfde dink.

'n Heel voedsel plant-gebaseerde dieet is 'n kragtige instrument om gesondheid en welstand te verbeter, en die Noordelike Konferensie van Sewendedag-Adventiste Gesondheidsdeparte-ment het hulle daaraan toegewy om hierdie leefstylkeuse te promoveer. Met ons nuwe mobiele voedselsleepwa is ons opgewonde om gesonde plant-gebaseerde opsies meer toeganklik en gerieflik te maak vir ons lidmate en gemeenskap-pe. Sluit by ons aan op hierdie reis na beter gesondheid en 'n helderder toekoms.



**'n Feestelike Versnapering**

**Wafels**
- 2 Koppies Water
- 2 Eetlepels Sesamesaad
- ½ Koppie Druiwesaadolie
- 10 Dadels
- 2 Koppies Hawermout
- 1 Eetlepel Himalajasout
- ¼ Koppie Sonneblomsaad
- 1 Eetlepel- Vanielje Geursel

**Metode**
Voeg water eerste in die voedselverwerker. Voeg dan al die ander bestanddele by en meng totdat dit glad is. Laat die mengsel staan vir 5 minute. Verhit die wafelpan en skink die mengsel in wanneer warm genoeg. Moenie dit vir die eerste 2 minute oopmaak nie.

Bedien met geklopte klapperroom, heuning en vrugte van jou keuse en geniet vir ontbyt of enige tyd!

# ONS MOET GAAN!

## KINDERS SE MUSIEKFEES

**Deur Estelle Baker**




Musiek is 'n kosbare geskenk van God. Musiek is inspirerend en opheffend, 'n uitdrukking en kreatiewe kunsvorm baie soos gedigte of skilderwerk. E.G. White het geskryf, "Musiek was gemaak om 'n heilige doel te dien, om die gedagtes op te hef na wat rein, edel en opheffend is en om in die siel toewyding en dankbaarheid tot God wakker te maak" (Music-Its Role, Qualities, and Influence, Bl.3). Musiek kan gebruik word om God te prys, om te wys dat Hy gaan oor viering van goedheid en blydskap, en dit kan ons help om diepte te bring tot die woorde wat ons in aanbidding aan Hom uitspreek.

Op Sabbat, 28 Oktober, het 13 kindergroepe (±270 kinders) deelgeneem aan die Noordelike Konferensie Adventiste Kinderbedieninge Departement se aanvangsmusiekfees by die Sedaven Gehoorsaal. Dit was 'n oggend gevul met inspirerende sang, instrumentele musiek, en gedigte.

Kinders het aangesluit om die amptelike Adventiste Kinderbedieninge lied, "Ons moet gaan" te sing. Die lirieke sê, "Ons moet die wêreld gaan vertel van Jesus se liefde, hulle moet weet van al die goeie dinge wat Hy gedoen het, ons gaan leer om te preek, lief te hê, te lei, te deel wat ons weet, ons moet die wêreld gaan vertel van Jesus se liefde."

Dink daaroor hoe dit moeiliker kan wees om die presiese woorde van die beste preek te onthou, maar die woorde van 'n lied kom dikwels na ons met 'n klein poging.

Soos wat ons reflekteer op die wonderlike dag tesame, hou die liedere wat by die musiekfees gelewer was deur al die kinders aan om in ons ore te weerklink.

Terugvoering van kerkleiers:

·"Ons het waarlik 'n pragtige tyd gehad om God in liedere te prys. Baie dankie vir die organisering van so 'n wonderlike program" (Northmead Kerk).

·"As dit nie vir die kreatiwiteit en toewyding van die Boksburg kinders was nie, sou ons nie so ver en hoog kon reik nie. Hulle het alles gegee vir die Musiekfees" (Boksburg Engelse Kerk).

·"Hulle het dit geniet en baie goed gedoen. Dankie vir sulke programme" (Ennerdale Kerk).

·"Ons wil graag DANKIE sê vir die organisering van hierdie wonderlike geleentheid vir al ons kinders, vir leiding en ondersteuning wat u aan al die leiers bewys en om die Musiekfees 'n wonderlike ondervinding te maak!" (Agape Kerk).

·"Die ondervinding was te pragtig, ek is nog steeds verwonderd!" (Sandton Kerk).

Ons opregte waardering en dankbaarheid aan al die kerkleiers vir die uitstekende werk wat gedoen is in voorbereiding van die kinders vir die musiekfees. Ons is baie trots op al die kinders wat in die musiekfees deelgeneem het. Al die kindergroepe het die uitstekend goed gedoen, hulle het ons waarlik trots gemaak. 🎼🎹🎻□🎺





# ONS MOET GAAN!

## KINDERS SE MUSIEKFEES



**Kerke wat deelgeneem het:**

*Agape*
*Berea Johannesburg*
*Boksburg Engels*
*Bosmont*
*Dalpark*
*Ennerdale*
*Mt Calvary*
*Northmead*
*Panorama*
*Rust Ter Vaal*
*Sandton*
*en*
*Sedaven Laerskool*

**Indien u hierdie jaar se Kinders se Musiekfees misgeloop het, onthou asseblief die datum vir die 2024 geleentheid op:**

**Sabbat, 2 November 2024**

**Ons sien uit om baie meer kerke te hê wat deelneem.**

# DIE GROOT STRYD PROJEK 2.0
## LITERATUUREVANGELISASIE

**deur LE Elijah Maanzo**

Die boodskapper van God sê, "Die drukpers is 'n kragtige instrument wat God bepaal het om gekombineer te word met die energie van die lewende prediker om die waarheid voor alle nasies, stamme, tale en mense te bring." (CM bl. 100)By die NKSA Uitgewers/ Stem van Profesie (SVP) Departement, sien ons elke dag God se hand en Sy intreding en seëninge in elke aspek van ons bediening. In hierdie kort artikel wil ons graag ons ervarings deel oor Die Groot Stryd Projek 2.0 binne die NKSA gebied.

**DIE GROOT STRYD PROJEK 2.0:**

Die Groot Stryd (GS) Projek 2.0 is 'n wêreldwye inisiatief deur die Wêreldkonferensie van SDA om die boek, Die Groot Stryd, te versprei. Die Uitgewers/SVP Departement werk hand aan hand met die NKSA SSPB om te verseker dat die projek suksesvol is in die NKSA gebied. Die rol van die Uitgewersdepartement in WK Projek 2.0 is om te verseker dat elke kerk in die NKSA gebied aktief deelneem in die projek, die kerk ingelig word oor die projek en die GS aktief te lees en met gesinne, bure, vriende by die werk en skoolkollegas, deel. Om die kerklidmate aan te moedig om die boek te lees, is baie belangrik omdat hulle bekend raak met die inhoud van die boek, en vrae kan beantwoord wat die publiek hulle mag vra oor die boek. Kragpunt aanbiedings van 'n opsomming van die GS en inligting oor die projek is beskikbaar by die NKSA Uitgewersdepartement. Vir meer inligting oor die projek, besoek die webtuiste www.greatcontroversyproject.org.

**Leesstofevangeliste**

Die boek, Die Groot Stryd, is 'n belangrike boek wat die finale waarskuwingsboodskap aanbied wat nodig is om voor te berei vir die wederkoms van Jesus. Die Noordelike Konferensie literatuur-evangeliste (LE) span lei in GS projek 2.0. Die NKSA het 'n goedopgeleide span LE's. Baie kerke span saam met LE's om die boek te lees en te versprei aan die publiek. As die NKSA Uitgewers/SVP Departement, moedig ons plaaslike kerke aan om LE's uit te nooi om met kerklidmate te kom praat en hulle op te lei om die Groot Stryd doeltreffend met ons families, bure en vriende te deel.

**Kerke word gemobiliseer**

By sommige plaaslike kerke, is boekklubs georganiseer om die lees van die Groot Stryd te fasiliteer en te koördineer. 'n Groep jongmense is aktief besig om die boek te lees by Kliptown SDA Kerk. Die groep bestaan uit ongeveer 20 jeug wat tyd toewy om die boek te lees. Ander kerklidmate wat ywerig is om aan die projek deel te neem, het hulle tyd en hulpbronne toegewy om boeke te koop en te lees in voorbereiding vir massaverspreiding in 2024. Aktiewe boeklees groepe is ook gerapporteer by Edenvale, Krugersdorp Sentraal, Pretoria Eastern suburbs, SDA kerke, Sunnyside kerk en andere.

Oor die algemeen is daar 'n vining-groeiende belangstelling in die Groot Stryd projek, en dit is bemoedigend dat ons spoedig die boek verspreid sal sien soos herfsblare in die NKSA gebied. Ons moedig u plaaslike kerk aan om die Konferensie Uitgewersdepartement op datum te hou oor al die aktiwiteite rakende die Groot Stryd Projek 2.0 sodat ons kan sien hoe ons ons ervarings die beste met u kan deel en volle seëninge kan ontvang van God. Laat ons aanhou om die projek in ons gebede te hou.





*Lede van Berea Internasionale SDA is opgelei deur LE Wamu and LE Juma (REGS)*

vervolg op vlg. bl./

# DIE GROOT STRYD PROJEK 2.0

## Massa Verspreiding in die Johannesburg Sentrale Sakekern

Op 7 Oktober 2023, in die Johannesburg SS, het kerklidmate van die Johannesburg Sentraal SDA Kerk in die strate gemarsjeer, gelei deur die plaaslike kerk se senior predikant, leesstofevangeliste, baanbreker orkes, metropolisie, en 'n klomp kerke wat verenig het om Die Groot Stryd uit te deel en 'n stelling te maak dat die Sewendedag-Adventistekerk besorgd is oor ons gemeenskappe waar ons woon. Kerklidmate het daardie dag vir stadsbewoners gebid by 'n nabygeleë park. Onder diegene vir die wat gebid was, was 'n jongman wie gevra het dat vir hom gebid word vir bevryding van verslawing aan dwelms. Toe hy vir gebede gevra het, het hy nog steeds 'n sigaret in sy hande gehad. Aan die einde van die gebed het hy dit stukkend gedruk. Terwyl die kerklidmate in die strate gemarsjeer het, het baie gevra vir meer inligting oor die Sewendedag-Adventistekerk.

Aan die begin van die oefening, het die plaaslike kerk predikant die boeke toegewy. Die Here het ons gebede beantwoord. Aan die einde van die geleentheid op daardie Sabbatdag, was meer as 2000 kopieë van leesstof uitgegee in Johannesburg SS. Baie mense het gehardloop om kopieë van die Groot Stryd te neem. Terwyl op die strate, was gehoor hoe klein kindertjies gesê het, "Mamma, wat gaan aan?" Sommige Adventiste wat Johannesburg lidmate op die pad ontmoet het, het ook die leesstof met blydskap geneem en gesê, "Ek is ook 'n Adventis", terwyl ander gevra het waar die kerk geleë was.

Dit was 'n "wekroep" dat alle kerklidmate moet opstaan en Matt. 24:14 moet uitroep, sodat Jesus kan terugkom. Die Heilige Gees het in so baie mense wat boeke ontvang het gewerk, dat hulle meer materiaal gevra het. Kom ons doen die werk van God nou voordat dit te laat is. Kerklidmate het baie bemoediging verkry uit die ervaring. So word plaaslike kerke aangemoedig om deel te neem in geskeduleerde boekverspreiding programme om gemeenskappe naby hulle kerke te bereik en hulle bewus te maak van die teenwoordigheid van Adventiste in hulle gebied."Soos wat ons uitsien om mekaar binnekort te ontmoet en mekaar aan te moedig in die bediening van die gepubliseerde werk, loof ons God vir die magtige werke wat Hy besig is om in Sy kerk te doen." Testimonies for the Church Vol. 6, ble.. 315, 316. (1900)

Die boodskapper van die Here het ons ingelig dat daar 'n positiewe uitkoms sal wees indien ons boeke wyd versprei sal word. "Hoe wyer die sirkulasie van ons publikasies, hoe groter sal die aanvraag vir boeke wees wat die Skrifte van die waarheid duidelik maak. Baie raak ontsteld met die teenstrydighede, die foute, die afvalligheid van die kerke, en met die feeste, kermisse, loterye, en talle uitvindings om geld vir kerkdoeleindes af te pers. Daar is baie wie soek na lig in die duisternis. Indien ons leesstof, traktate en boeke, wat die waarheid in eenvoudige Bybelse taal uitdruk, wyd versprei kon word, sou baie vind dat dit presies is wat hulle wil hê. Baie van ons broeders tree egter op asof die mense na hulle moet kom of na ons kantore gestuur moet word om publikasies te bekom, wanneer duisende nie weet dat dit bestaan nie." {CM 85.1}

*Lede van Johannnsesburg Sentraal SDA en ander kerke het deur die stad gemasjeer en Die Groot Stryd uitgedeel.*





# OP MY BOEKRAK

## BOEKRESENSIE

**Deur lr Riaan van der Merwe**


*Richard Duerksen.* **Story Catcher.** Editorial Safeliz, S.L., Spain 2019. 144 pp (Sagteband)

“Sy stories help my om deur God liefgehê te word” – hierdie was die woorde van Todd Chobotar, uitgewer en redakteur van “Adventist Health Publishing” nadat hy Richard Duerksen se boek, Story Catcher gelees het. Indien u van stories hou (en wie hou nie daarvan nie?) sal u ongetwyfeld baie van hierdie boek hou. Richard Duerksen is ‘n meester storieverteller.

Wanneer ons die Evangelies lees, kan ons sien dat Jesus gebruik gemaak het van baie stories (Gelykenisse) aan Sy gehoor. Dit het dit vir hulle makliker gemaak om die wonderlike Bybelwaarhede te verstaan wat Hy met hulle wou deel, en Sy stories het almal wat daarna geluister het met ‘n oop hart, verander. So, waarom nie Jesus se voorbeeld volg nie? Dit is wat Richard Duerksen doen. U hart sal aangeraak word wanneer u al 25 stories in hierdie boek lees. DIt is stories wat vol is met inspirasie, en elke keer met Jesus as die middelpunt. Dit is stories wat u die onvoorwaardelike liefde sal wys wat Hy vir ons het; dit is stories wat sal maak dat u die liefde van Jesus met andere sal wil deel wie Hom nie ken nie.


“Ek glo in stories. Stories beïnvloed alle mense ongeag van ouderdom of status. Stories verander lewens. Mense mag met die teorie stry, maar dit is moeiliker om met ‘n storie of persoonlike getuienis te stry. Stories doen nie slegs ‘n oproep op die verstand nie, maar ook op die hart. Jesus het dit gebruik, en ons moet dieselfde doen. Richard se boek kan ‘n groot seën vir u wees asook diegene met wie u werk soos wat u leer hoe om stories prakties in u bediening te gebruik.” Pavel Goia – Redakteur “Ministry” Tydskrif.

“Duerksen se meesterlike storievertellery verf prente wat u as ‘n getuie tot die gebeurtenis plaas. Die krag van sy storievertellery beweeg u na God se Koninkryk” Jose Vicente Rojas, President, MOVEmentum.




Story Catcher is ‘n boek wat u verbeelding sal aangryp en u so diep sal intrek in die liefde van God dat u geen keuse sal hê nie as om dit met ander te deel. Die boek is baie goed geskryf en is maklik om te lees. Met stories soos die ”Angel on the Bicycle, Turn left now, Gone fishing”, en baie meer, kan u die boek nie neersit nie. Indien u die kinderstorie  verteller by die kerk is, kry ‘n kopie van hierdie boek! Story Catcher word hoog aanbeveel. Beskikbaar by die Adventiste Boek Sentrum. Maak gereed vir ‘n fantastiese avontuur saam met Richard Duerksen.


**Lr Riaan bedien by die Orange Grove gemeente asook die bestuurder van die Adventiste Boek Sentrum. Hy is getroud met Adele en het drie seuns. Hy het ‘n passie vir leestof bediening en glo dat literatuur ‘n enorme rol speel in die verkondiging van die Evangelie.**



# LIED IN MY HART

## WATTER LOT MY OOK TREF

**Deur Nadia Webster**





'Die lewe kan so onvoorspelbaar wees – vreugde en hartseer, mooi seëninge, en ontstellende moeilikhede kan onverwags kom. Ons lewe se drome en planne kan in 'n oomblik verander. Ons almal weet dat dit waar is. So, hoe kan ons vrede vind te midde van onstuimigheid?

Horatio Spafford het iets geweet van die lewe se onverwagte uitdagings. Hy was 'n suksesvolle prokureur en eiendomsbelegger wat sy fortuin in die groot Chicago brand in 1871 verloor het. Ongeveer dieselfde tyd het sy geliefde vierjarige seun van skarlakenkoors gesterf.

Hy het gedink dat 'n vakansie sy gesin goed sou doen en hy het sy vrou en vier dogters op 'n skip na Engeland gestuur en beplan om by hulle aan te sluit nadat hy dringende besigheid by die huis voltooi het. Terwyl die skip egter die Atlantiese Oseaan oorkruis het, was dit betrokke in 'n aaklige botsing en het gesink. Meer as 200 mense het hulle lewens verloor, insluitende al vier van Horatio Spafford se kosbare dogters. Sy vrou, Anna, het die tragedie oorleef. Toe sy in Engeland aangekom het, het sy 'n telegram na haar man gestuur wat as volg begin het: "Alleen gered. Wat sal ek doen?"

Horatio het onmiddellik na Engeland gevaar. Op 'n stadium gedurende die reis, het die skip se kaptein, bewus van die tragedie wat die Spafford gesin getref het, Horatio geroep om hom in te lig dat hulle nou oor die plek gaan waar die skipbreuk plaasgevind het.

Terwyl Horatio aan sy dogters gedink het, het woorde van troos en hoop sy hart en gedagtes gevul. Hy het dit neergeskryf, en dit het sedertdien 'n geliefde lied geword:

**"As vrede my pad hier op aarde verlig,**
**As droefheid my vreugde verniel —**
**O mag ek dan weet, watter lot my ook tref**
**Dit is wel; dit is wel met my siel."**

Dit is moeilik om van Spafford se verhaal te leer en om sy lied, gebede en uitroepe voor die Allerhoogste te leer ken en nie heeltemaal aangeraak te word nie.

Christus het beloof dat in hiedie wêreld, ons sou swaarkry (Johannes 16:33). Sommige van ons mag na Stafford se verhaal kyk en bid dat ons nooit so 'n skipbreuk moet ondergaan nie. Andere onder ons voel dat hulle dit alreeds ervaar het. Sommige ervaar vrede, en sommige is in groot onrus soos die rollende branders van 'n stormagtige see. Die wonderlike misterie van die evangelie is omvat in 'n gees wat God onder alle omstandighede kan prys. Dit is hier dat Spafford nederig en pragtig die weg lei.

vervolg op vlg. bl./




*Die vier dogters van Horatio en Anna Spafford. Hulle het gelyk omgekom in 'n tragiese ongeluk op die see.*

# LIED IN MY HART (VERVOLG)

Ons dien 'n God wat op water kan loop en die golwe kan laat bedaar – maar Hy kan ons ook deur die storm lei (Matthéüs 14:22–23; 8:23–27). Wat ookal ons lot, wat ookal ons uitdaging of moeilikheid of weerstand, wanneer ons bid "dit is wel," dryf ons nie die pyn of wanhoop weg nie, maar ons plant ons voete stewig op die standvastige Rots wat met ons is in die storm en lyding. "Dit is wel" is nie 'n heldhaftige glimlag of 'n banale gesegde nie. Dit is die kennis dat Jesus, wat geween het oor die verlies van sy vriend, ook saam met ons ween in ons verlies (Johannes 11:35), en wat ons bedien uit Sy persoonlike ervaring met groot lyding.

"Kyk, die vrede lei Ek na haar toe soos 'n rivier ... soos iemand wat deur sy moeder getroos word, sal Ek julle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word." (Jesaja 66:12-13a).

Behalwe vir "Genade Onbeskryflik Groot," mag daar nie 'n meer bekende lied wees as "Dit is Wel Met My Siel," nie, 'n gedig wat vasgelê is deur Horatio Spafford in 1873.

As 'n kind, onthou ek dat ek in baie kerkdienste gestaan het en die woorde gesing het "Dit is Wel" met die ywer van 'n kind wat lief is vir Jesus en musiek.

"Dit Is Wel" bring hoop in hartseer. Die tema gaan na die diep seer plekke van die menslike siel en herinner ons dat God altyd met ons is. Ons kan Hom vertrou, selfs wanneer ons beproewinge nie sin maak nie.

In 1878, het komponis Philip P. Bliss, wat gereis en by evangelistiese pogings gesing het, Spafford se gedig gekomponeer. Hy en Ira Sankey het "Dit Is Wel Met My Siel" gepubliseer.

Philip Bliss het ook 'n tragedie beleef. Terwyl hy met 'n trein na 'n poging gereis het in 1876, het 'n brug inmekaar gesak terwyl die Pacific Express daaroor gery het, wat veroorsaak het dat die trein in 'n diep kloof afgetuimel het. Bliss het aanvanklik ontsnap maar het teruggekeer om sy vrou uit die brandende wrak te haal. Hulle is albei dood in die brand, en het twee jong seuns agtergelaat. Woorde van 'n gedig (wat later 'n gewilde lied sou word) getiteld "I Will Sing of My Redeemer" was in Bliss se trommel gevind.

Lees die woorde en sien waarom "Dit Is Wel Met My Siel" miljoene mense gedurende hulle donkerste ure geïnspireer het:

Geskryf deur Andrew Stoddard.

**Dit Is Wel Met My Siel**
**Horatio G. Spafford, 1873**

**1. As vrede my pad hier op aarde verlig,**
**As droefheid my vreugde verniel,**
**O mag ek dan weet, watter lot my ook tref,**
**Dit is wel, dit is wel met my siel.**

**Refrein**
**Dit is wel, (dit is wel),**
**Met my siel, (met my siel)**
**Dit is wel, dit is wel, met my siel.**

**2. Hoe Satan ook woed, watter rampe genaak,**
**met sekerheid sal ek vertel,**
**vir my het die Heiland Sy lewe gegee,**
**Dit is wel, dit is wel met my siel.**

**3. My sondes, o saal'ge verseek'ring van Hom!**
**het Hy aan die kruishout genael;**
**Nou ken ek die vrede wat Jesus ons gee,**
**Loof die Heer al my skuld is betaal.**

**4. Verhaas, liewe Heer, daardie heerlike dag,**
**Vanouds deur profete voorspel,**
**As wolke sal wegvlug en Jesus sal kom,**
**Is dit wel met my siel, is dit wel!**

**5. Maar Here, dit is vir U koms, wat ons wag,**
**Die lug, nie die graf is ons doel;**
**O, trompet van die eng'le! O, stem van die Heer!**
**Geseënde hoop en rus van my siel.**

**6. Vir my, is dit Christus, om vir Hom te leef,**
**Indien die Jordaan oor my vloei,**
**Geen vrees sal daar wees, want in dood of lewe,**
**Sal U vrede aan my siel fluister.**

Vier Redes Waarom "Dit is Wel met My Siel" Ons Aanraak:

1. **Almal ervaar hartseer**. Een persoon se hartseer, wanneer gedeel, vind weerklank met ander persone se hartseer en bring vertroosting in die

vervolg op vlg. bl./

# LIED IN MY HART (VERVOLG)

gedeelde ervaring. Spafford kon nooit hierdie lied geskryf het terwyl hy voorspoedig was en met baie geseën was nie. Hy het dit geskryf na jare van hartseer en verlies.

2. **Almal vra, "Waarom?"** Gedurende verlies, sukkel almal met vrae, "Waarom het dit gebeur?" en "Hoe kon God toelaat dat dit gebeur?" Spafford se sterk geloof het die waarom weggedruk en gekies om in God se soewereine wil te glo.

3. **Almal vra, "Hoe kan ek aangaan?"** Ons stryd vir geloof word altyd gesuiwer gedurende tye van krisis en trauma. Net soos Job, het Spafford die verwoesting van sy fortuin en toe die dood van al sy kinders in 'n onverwagte katastrofe ervaar. Hoe hy en Anna gereageer het op hulle verlies, het hulle afhanklikheid van God se troos en vrede openbaar en versterk.

4. **Almal het 'n plek nodig waarheen gegaan kan word vir troos**. Soos Psalm 23, staan "Dit Is Wel" as 'n hulpbron waarop teruggeval kan word vir gelowiges en ongelowiges – in tye van pyn en twyfel. Die lied veroorsaak dat ons God opsoek vir troos.

U mag belangstel om die Skrif te ken agter Spafford se magtige versies. Die gedig volg 'n opvolging van geloof dwarsdeur sy vier versies. Miskien kan ons die lied volg en sy waarhede in ons daaglikse lewens toepas.

**Hoe om Hierdie Lied op Ons Daaglikse Lewens toe te pas:**

1. **Kies 'n bybelse perspektief vir die lewe**.
Vers 1—Spafford kies om water te gebruik as 'n simbool van vrede eerder as verwoesting. Hy spreek die verwoestende situasie aan wat hy sukkel om te verstaan en te aanvaar.

"Vrede soos 'n rivier" is 'n algemene uitdrukking wat sy oorsprong in die Skrif het. Jesaja gebruik dit tweekeer. Spafford haal aan van beide versies in strofe 1, is nie verrassend nie. In 'n seevaart tema het. Jesaja sê, "dan sou jou vrede gewees het soos 'n rivier en jou geregtigheid soos die golwe van die see" (Jesaja 48:18) en "Want so sê die Here: Kyk, die vrede lei Ek na haar toe soos 'n rivier en die rykdom van die nasies soos 'n oorlopende stroom" (Jesaja 66:12).

2. **Onthou Jesus se lyding en liefde vir jou.**
Vers 2—Spafford herhaal dat Jesus ook gely het en dat Jesus se lyding voordelig is vir Sy kinders. Aangehaal uit Romeine, plaas Spafford lyding in perspektief. "Ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat dit lydsaamheid werk" (Romeine 5:3).

"En as ons kinders is , dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word. Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie." (Romeine 8:17-18).

"Om hierdie rede ly ek ook hierdie dinge; maar ek skaam my nie, want ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe." (2 Timótheüs 1:12)

3. **Bid en sing woorde van liefde en bewondering tot die Here.** Dit sal u hart en verstand heroriënteer. Vers 3—In plaas van om op sy verlies te fokus, fokus Spafford op sy verlossing, wat toelaat dat sy natuurlike gedagterigting wegglip. Hy leen die beeld van Kolossense om te beskryf sy sondes "wat aan die kruis genael word."

"Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God." (1 Korinthiërs 1:18)

"En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael." (Kolossense 2:13-14)

4. **Offer dank vir al God se seëninge.** Ons verstaan nie gewoonlik wat God besig is om te doen of hoe Hy ons lewe gebruik vir 'n groter doel nie. Vers 4—Spafford se hernieude dankbaarheid inspireer hom om weer doelgerig te lewe. Hy gebruik die taal van Filippense om hom te herinner aan sy geestelike roeping en troos hom rakende sy kinders se lot.

"Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins." (Filippense 1:21)

vervolg op vlg. bl./

# LIED IN MY HART (VERVOLG)

5. **Kyk vooruit na die ewigheid**. As sielvolle wesens, was ons nie vir hierdie aarde bedoel nie.

Vers 5—Spafford se perspektief verskuif na die ewige. Sy doel op aarde is slegs 'n skaduwee van sy ewige doel. Hy verwys na die wederkoms en sy ewige beloning.

"Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees." (1 Thessalonicense 4:17)

6. **Plaas u hoop in die hemel.** Veral wanneer iemand wat u liefhet, sterf, is die hoop van die hemel 'n magtige troos.

Vers 6—Spafford kyk na die einde van ons sterflike bestaan en ons heerlike hereniging met Christus. Sekerlik sou hierdie gedagte ook troos bring, soos wat Spafford, op hierdie tydstip, vyf van sy kinders verloor het. Hy praat van die Here se wederkoms as om in die nag te gebeur, maar in plaas van 'n vreesaanjaende gebeurtenis, beskryf hy dat as 'n "lied in die nag." Slaap, wat digters en die Skrif dikwels gebruik om die dood te beskryf, is slegs 'n poort na ons bedoelde tuiste.

"Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag."
(1 Thessalonicense 5:1)

Ten spyte daarvan dat Horatio en Anna Spafford verskeie groot tragedies ervaar het, teken die geskiedenis aan dat hulle gebly het by die weg van geloof. Hulle het aangehou om te gee en predikers van die evangelie te dien en het die Spafford Kindersentrum gestig wat elke jaar vir 30,000 kinders sorg.

Veral noemenswaardig, leef die woorde "Dit Is Wel met My Siel" nog steeds, en inspireer miljoene tot die hoop dat pyn 'n doel het, dat die dood tydelik is, en dat geloof u deur u ergste nagmerrie kan dra.

Miskien het Horatio Spafford dikwels na Psalm 18:17-20 geblaai:




*Phillip Bliss het die lied getoonset.*

Hy het uit die hoogte sy hand uitgestrek, Hy het my gegryp, Hy het my uit groot waters getrek. Hy het my verlos van my magtige vyand en van my haters, omdat hulle te sterk was vir my. Hulle het my oorval op die dag van my nood; maar die Here was my steun. En Hy het my uitgelei in die ruimte; Hy het my gered, omdat Hy behae in my gehad het.

Soos wat die lewe se uitdagings en storm ons mag omsingel, soos wat ons sukkel en laag voel, mag ons fokus daarop om God te vertrou, en te weet dat Hy alles sien, weet en voel waardeur ons gaan. So, wanneer dit voel of ons die bodem getref het, laat ons saam met Horatio sê,

"Wat ookal my lot, U het my geleer om te sê, DIT IS WEL MET MY SIEL."



Luister hier na 'n verwerking van die lied deur No Compromise.

# WANNEER EK ELLEN WHITE BESTUDEER ...

Deur dr Gustav van Niekerk

Geen persoon in die SDA Kerk het 'n groter invloed gehad in die wydste moontlik sin as Ellen G. White nie. Van die lesboek deur evangelisasie en tot gesondheid en daarna, tot huidiglik, ervaar ons nog steeds die invloed van Ellen White. Wanneer ons die nederige begin van die SDA Kerk naspeur, vind ons geen teoloë of opgeleide denkers nie. Die stigters van die SDA Kerk was minimaal geskool, arm, en sonder 'n groot plan en struktuur; kortliks, hulle het met niks, behalwe splinters van Skriftuurlike waarheid, begin. Wanneer ons die SDA Kerk in sy huidige staat oorweeg, is ons miskien die rykste rakende ons potensiaal vir Bybelse kennis, gesondheid, uitreiking, kerkadministrsie, finansies en verskeie ander aspekte. Dit kan nie ontken word dat die geskrifte van Ellen White die geestelike rykdom van die SDA Kerk gedeponeer het nie.

### Om Ellen White se Werk te Misbruik

Die betekenisvolste belemmering om die seëninge te ontvang deur Ellen White se werke te lees, kom van diegene wat veronderstel dat hulle haar werk gelees en verstaan het. Te dikwels word die woorde, "Ellen White sê..." gevolg deur patetiese teologie of veroordeling. Indien dit die geval is, sou die eenvoudige oplossing wees om Ellen White korrek te lees en te bestudeer. Om dit te doen, moet ons eers verstaan, "Hoe het Ellen White geskryf?"

### Christus, Eerste, Altyd en Laaste

Die eerste punt om te begryp, is dat Ellen White 'n Christus-gesentreerde fokus gehad het wat gegrens het aan obsessie. In haar geskrifte is Christus alles, en enigiets wat sy geskryf het, maak slegs in Christus sin.

Dit is Christus eerste en altyd en laaste. Hy moet by ons wees, nie slegs aan die begin en einde van ons loopbaan nie, maar ook by elke stap wat ons doen. [i]

[i] E.G. White. Skrede na Christus. Review and Herald Publishing Association: Hagerstown. bls. 71



*Ellen G. White, circa 1878 (gekleurd)*
*Met vergunning van die Ellen G. White Estate, Inc*

Enige leser wat nie hierdie absolute Christus-gesentreerde fokus deel nie, sal onvermydelik Ellen White se geskrifte verkeerd verstaan. Christus is nie eenvoudig 'n naam om aan die begin of einde van 'n sin te uiter nie, maar Hy moet die eerste gedagte wees wanneer 'n persoon in die oggend ontwaak, die gids vir elke gedagte en daad gedurende die dag en die laaste gedagte van die dag. Vir Ellen White, moes elke aspek van die lewe om Christus wentel. Hierdie punt, ongeag van die onderwerp wat sy aanspreek, is altyd haar doel dat die leser trag om Christus as middelpunt te hê.

### Paradokse en meer Paradokse

'n Paradoks is wanneer twee skynbare teenstrydige idees aangebied word dat dit saam behoort. Ellen White gebruik hierdie skryftegniek herhaaldelik in haar werk. Sy bied idees wat voorkom as teenstrydig, maar sy bied dit aan as twee kante van dieselfde muntstuk. Dit is oorgelaat aan die leser om te oordink hoe hierdie twee uiterstes deel vorm van een konsep. Die enigste manier wat dit moontlik is, is om Ellen White se gedagtes te beskou in die lig van die Skrif. Die implikasies is dat eerstens wanneer ons Ellen White lees, dit onvermydelik lei tot die lees van die Skrif. Ellen White as die kleiner lig wat na die Skrif lei as die groter lig, is nie slegs sentiment nie, maar 'n konkrete proses. Tweedens, 'n oppervlakkige lees

# WANNEER EK ELLEN WHITE BESTUDEER ... (VERVOLG)

van Ellen White sal 'n persoon laat om slegs eenkant van die paradoks te laat sien en 'n persoon die verkeerde indruk van haar siening oor 'n saak gee. Direk gestel, om Ellen White slegs aan te haal, bevestig nie enige idee nie. Om te verstaan wat Ellen White geglo het, moet 'n persoon beide kante van die paradoks oorweeg.

### Temas Ingeweef en Versteek

'n Ander oorweging is dat Ellen White verskeie temas in haar geskrifte inweef. Soos genoem, daar is die sentraliteit van Christus; daar is ook God se liefde vir die mensdom, verlossing en geregtigheid deur geloof, om slegs 'n paar te noem. Hierdie drade is nie slegs in haar geskrifte ingeweef nie, maar ingeweef met mekaar. Hierdie temas word nie altyd beklemtoon nie, maar dit vorm altyd die grondslag, en soos wat Ellen White vereis, sal sy een of meer temas na die oppervlakte bring. Aangesien hierdie temas ingeweef is met mekaar, impliseer dit ook dat wanneer sy van die liefde van God vir die mensdom praat, dit altyd verbind is met Christus, geregtigheid deur geloof, en enige ander aspek wat sy aanspreek.

### Wat om Prakties te doen?

Hoe sal ons dan Ellen White se geskrifte benader? Die volgende keer wat mens Ellen White lees, oorweeg die volgende stappe:
Eerstens, bid voordat Ellen White gelees word; soos met die Skrif, het die Heilige Gees haar gelei, en ons het die Heilige Gees nodig om ons te lei in die lees van haar geskrifte.
Tweedens, vra die vraag, "Hoe het wat ek lees betrekking op Christus?" of "Indien ek haar advies sou volg, hoe sal ek Christus reflekteer?"
Derdens: Soek na die paradoks en dan, deur terug te gaan na die Skrif, vind 'n manier om die twee skynbare teenstrydige idees te verenig.
Laastens: Oorweeg watter Tema Ellen White na vore bring en hoe dit inpas in al die ander temas.

### Ten Slotte

Om Ellen White te lees, het die gevolg dat mense hulle Bybels meer lees, meer bid en meer uitreiking doen; kortliks, in alle aspekte van hulle geestelike lewe, lei om haar te lees na verbetering.

[i] Die enigste keer wanneer hierdie misluk, is wanneer 'n persoon Ellen White lees vir selfregverdiging. Om Ellen White te lees, is nie maklik nie, omdat deur haar, die Heilige Gees die leser inlig dat daar areas is wat hervorming nodig het. Ellen White het nie slegs geestelike voel-goed boeke geskryf nie. Sy het besorgdhede aangespreek wat die leser se lot vir die ewigheid sal bepaal.

.

Ek het die voorreg gehad om verskeie direkteure van die Ellen G. White Estate te ontmoet en om hulle te leer ken. Die een faktor wat onmiskenbaar is, is dat hulle lieflike mense is. Indien 'n persoon Ellen White lees en hulle is nors, veroordelend teenoor ander, kritiserend is, en kla, is daar 'n probleem. Om Ellen White te lees maak 'n persoon lieflik in vreugde, nederigheid en liefde vir ander en vir God.

[i]Seventh-Day Adventist Believe. Ministerial Association General Conference of Seventh-day Adventists: Silver Spring. 2005. P. 258.



Lr Gustav het onlangs sy PhD in Sistematiese Theologie gefokus op die Christelogie van EG White ontvang. Hy is getroud met die pragtige Chontel en hulle bedien die kerk by Laeveld, Lydenburg en Sabie.

# OPVOEDING VIR DIE EWIGHEID

**deur Sonia Mapumulo**



*West Rand Laerskool -Lofprys sangspan*

Ons doel is om jongmense voor te berei vir verantwoordelike burgerskap in hierdie wêreld en die wêreld wat gaan kom. Soos wat ons in hierdie jaar gevorder het, het elke leerder se doel in die Adventiste skoolstelsel ontvou, elke onderwyser se epiese missie versterk, en elke ondersteuning-personeel se toewyding was versorg.

Die opvoeding by NKSA streef om holistiese op-voeding oor te dra deur geleenthede en aktiwiteite soos pretdae, konserte, leierskapkampe, entrepe-neursdae, restaurantdae, loopbaandae, Eistedd-fods, en mark- of bagasiebak verkope dae.



*Doop by Paterson Park Laerskool (Kliek vir skakel)*

Ons skole het geleenthede gehou soos doop-dienste, lof en dankseggings, alumni byeenkomste en herdenkings.



*Dopelinge by Sedaven Skool (BO)*
*Familie pret by  Paterson Park Laerskool (ONDER)*



Die 2023 konferensies het ons toegelaat om ons vorige leerders, ouers, onderwysers, lede van die skoolrade, en skoolhoofde wat nog steeds vir die Here werk te ontmoet. Sommige van hierdie mense is nie noodwendig Sewendedag-Adventiste nie, maar hulle lewens word regeer deur die beginsels wat hulle geleer het of ervaar het deur ons skole by te woon of te dien.

Die doopklasse, Gees van Profesie-lesse en Baan-breker en Voorslaggie klasse vorm 'n integrale deel van ons vaste fondament wat ons leerders se waar-des vorm, hulle moreel maak, en deur die jare in die kerk laat bly.

Aan ons Here al die eer vir die 24 siele wat vir Christus gewen is. Hoërskool Sedaven het agt leer-ders gehad, Presda het een leerder gehad, en Laer-skool Paterson Park het 15 leerders gehad.

# OPVOEDINGSNUUS (VERVOLG)




## PRESDA 90STE HERDENKING

Op 14 Oktober 2023 het ons 90 jaar van uitnemendheid gevier by Laerskool Presda. Alumni was uitgenooi om by ons aan te sluit en deel te neem in hierdie groot geleentheid terwyl ons afgestap het in herinneringlaan en gereflekteer het op ons reis. Ons het "Tot Sover Het Die Here ons Gehelp" gevier. Die 90ste herdenking was geëer deur predikante, huidige PRESDA familie, voormalige ouers, leerders, lede van die skoolrade, en skoolhoofde wie se teenwoordigheid en stemboodskappe die geleentheid gedenkwaardig gemaak het. Getuienisse, musiekuitvoerings en die seremoniemeester se Adventiste opvoeding staaltjies het getuig dat Adventiste opvoeding meer voorsien as verstandelike dissipline. Die inspirerende toespraak deur die Konferensie President, Leraar Maligudu, het die Presda gemeenskap se missie vir Adventiste opvoeding versterk. Die NKSA Uitvoerende Sekretaris, Leraar Anderson se ondersteuning by die viering en die loodsing van PRESDA Alumni het Presda laat erken dat hulle edele werk doen.

. (Kliek vir YouTube skakel)

## INTREDE VAN HOËRSKOOL SEDAVEN ALUMNI REÜNIE



Uiteindelik herenig op die eerste naweek van September 2023, 'n hele naweek gevul met ou vriende en aangrypende uitvoerings.
Die vurige Sabbatskool aanbieding deur Mnr Mawela, die inspirerende erediens deur Leraar Khumalo en die eksklusiewe namiddag getuienisse en aanbiedings deur voormalige leerders wie waardige mans en vroue is, wat 'n verskil in ons gemeenskappe maak het ons nederig gemaak en 'n herinner dat die opvoeding wat ons by Hoërskool Sedaven aanbied nog steeds voldoen aan die Skepper se plan.

# EN DIE BRUID HET WIT GEDRA...

## TIENERKAMP 2023

deur Estelle Baker





Die Noordelike Konferensie Vrouebediening Departement het 'n kamp gehou vir tienermeisies van 27 tot 30 April 2023 by "Rocky Valley Christian Camp" in Krugersdorp. Vier-en-vyftg tieners tussen die ouderdomme van 12-18 jaar het die kamp bygewoon. Die kamp se tema was "En Die Bruid Het Wit Gedra – Sewe Geheime tot Seksuele Reinheid", gebaseer op die hulpbron wat deur Danna Gresh geskryf is.

Die behoefte is groot vir doeltreffende seksopvoeding om plaas te vind in die geloofsgemeenskap. Ten spyte van positiewe stappe tot onthouding opvoeding, bly daar 'n stigma geheg aan diegene wat kies om te wag tot die huwelik om seks te hê. Jong vroue moet bemagtig word om te staan vir waarin hulle glo. Hulle het ook praktiese vaardighede nodig om uit te leef dit waarin hulle glo.

Die hoofdoel van die kamp was om jong meisies te voorsien van praktiese hulpmiddels om reinheid na te streef in 'n wêreld wat bevlek is met seksuele pyn. Die hooffokus was om hulle halsoorkop verlief te laat raak op Jesus. Die naweekprogram was gefasiliteer deur geskoolde professionele persone (Maatskaplike Werksters, Christelike Beraders, Gekwalifiseerde Lewensafrigters en Opvoeders).

Die programformaat het vroeë oggend alleentyd ingesluit en die meisies was aangemoedig om hulle Bybels, dagboeke en Bybelstudie te gebruik wat begrip, refleksie, en waardering voorsien het vir die waardevolle lesse uit vroue se lewens in die Bybel. Kleingroepie besprekings was gehou, en meisies het gedagtes, besorgdhede, en ervarings gedeel en het die geleentheid gehad om moeilike gesprekke te voer rakende hulle realiteite. Fasiliteerders was hoog doeltreffend in die aanspreek hiervan. Meisies was baie ontvanklik vir die lesse oor seksuele reinheid, en daar was baie gretige deelname gedurende die groepbesprekings. Geleenthede was beskikbaar vir individuele beradingsessies met die Christelike berader wat by die kamp was.

Die kamp het geëindig met 'n vrywillige kers-opsteek gelofte seremonie. Meisies was uitgedaag en aangemoedig om 'n gelofte te maak vir 'n lewe van reinheid. Elkeen het hulleself biddend toegewy om deur God se genade rein te bly tot op hulle troudag.


Terugvoering van 'n ouer: "En Die Bruid Het Wit Gedra, elke meisie se droom, elke vader se droom om met hulle dogter in die paadjie af te stap, elke moeder se droom om die Moeder van die Bruid te wees. Die meisies was bemagtig, en ons bid dat hulle sal uitleef wat hulle oor die naweek geleer het. Mag God voortgaan om 'n heining van beskerming om ons dogters te plaas. Laat ons aanhou om vir hulle te bid."

Alle lof en dank aan God dat Hy hierdie kamp moontlik gemaak het. Ons bid dat die hulpmiddels waarvan die meisies geleer het, in hulle lewens toegepas sal word deur die krag en mag van die Heilige Gees. Opregte waardering aan MOWCS Bestuur vir die milde kontant en goedere donasies vir die kamp. Dit was uiters behulpsaam om die kamp bekostigbaar te maak vir die meisies en hulle ouers.

# TYD OM TE TABERNAKEL

## OPENHARTIG

**Deur Ir Nico Theunissen**



Die enigste sekere ding in die lewe is dat niks seker is nie – het u hierdie ietwat pessimistiese gesegde gehoor? Deur te kyk na die betekenisvolle gebeure net in die afgelope paar jaar, word dit duidelik dat die impak van situasies en die rimpeleffek daarvan spoedig verwoestend kan word. Gesien in hierdie lig, is dit nie moeilik om 'n bietjie mismoedig te word oor die toekoms nie.

Ons as draers van die Drie Engele Boodskap, behoort ons (en somtyds word ons) opgewonde te raak wanneer ons na ons posisie in die wêreld se geskiedenis kyk. In tye soos hierdie, roep God manne en vroue om na die voorlinie te kom om die oproep entoesiasties te beantwoord. En wanneer ons dit sê en hoor maak dit ons optimisties en opgewonde, maar wanneer die spreker die gebou verlaat het en ons onsself alleen by die huis bevind, gaan dit terug om **'n skrikwekkende taak** te wees.

Hoe kan ons seker wees dat ons die wil van God doen, en hoe kan ons dit doeltreffend doen? Skenk aandag, want u gaan spoedig leer dat dit kritiek is. Kom ons ondersoek waardevolle insigte en perspektiewe wat u persoonlik en geestelik sal baat. So, kom ons spring sommer dadelik weg en gaan na die hart van die saak: Tyd om te tabernakel!

Om die betekenis van "om te tabernakel" te verstaan, moet ons **teruggaan na die begin** van die tabernakel in Exodus 33:7, "En Moses het elke keer 'n tent geneem en dit vir hom buitekant die laer opgeslaan, ver van die laer af; en hy het dit genoem die tent van samekoms." Alhoewel ek hierdie versie baie keer vantevore gelees het, het ek skielik besef dat dit 'n ander tent was: 'n ander tabernakel van samekoms. Die vraag het ontstaan: waarom was dit so ver van die kamp, en wat was die behoefte vir hierdie ander tent? Mev White skyn lig op hierdie onderwerp.

"...die tabernakel. Dit was die tent wat as tydelike aanbiddingsentrum gedien het" tot die voltooiing van die meer permanente "tent van samekoms" (PP 327). Moses kon nie altyd die Berg Sinai uitklim om God te ontmoet nie, want die kamp het sy oorhoofse sorg nodig gehad, veral op hierdie tyd. Die feit dat die tent "ver van die kamp af" verwyder was, het die verwydering gesimboliseer van God se teenwoordigheid van die volk as gevolg van hulle ongeregtigheid. Tabernakel van die gemeente. Verkieslik "die tent van samekoms." Hier kon diegene wat begeer het om terug te keer na die Here in ware berou kom, hulle sondes bely en God se genade soek." SDA Bible Commentary vol 1 bl. 671

Die Here weet Sy gekose volk is sondig en het nodig om ontslae te raak van hierdie sonde. God moes ook nader aan Sy kinders wees; Hy wil nie 'n God van 'n afstand wees wat slegs aanbidding soek nie. Nee, hierdie God wil by Sy kinders woon.

My seun, Quintin, het eenkeer gevra waarmee assosieer ons die woord **"Shekinah".** Waaroor dink ons gaan dit alles? 'n Antwoord het deur my gedagtes geflits: "Dit klink soos 'n hut. God wil saam met ons in 'n hut wees." Dit was, natuurlik, nie die korrekte antwoord wat Quintin nodig gehad het nie, maar my antwoord het my oë geopen vir iets baie meer diepgaande.

Wanneer ons die uitdrukking "kom in 'n hut saam" gebruik, beteken dit dat ek so ywerig saam met jou wil wees dat ek by jou sal intrek ten spyte van die toestande en ander risiko's betrokke, alhoewel daar tipies sommige voorwaardes van een of ander party betrokke is. Nadat sy vir 18 jaar met my getroud is en ons is vir 19 jaar saam, bring my vrou hierdie voorwaardes in fases uit ... Alle grappies opsy, maar dit is presies wat God wil doen.

# TYD OM TE TABERNAKEL (VERVOLG)

Hy wil so graag nader aan Sy kinders wees dat Hy gewillig is om by hulle te woon, maar Hy het 'n paar voorwaardes om na te kom. Hy is bly om naby ons te wees ten spyte van ons sondige natuur en neigings om ons rug op Hom te draai. Die vereistes wat voltooi moet word, is dat Sy kinders hulle sondes ken en hulle daarvan bekeer. Nie slegs wil God naby Sy kinders wees nie, maar Hy wil ook hê dat Sy kinders altyd nader aan Hom moet groei. Hy wil hê dat ons in staat moet wees om met Hom te konsulteer wanneer ons twyfel, net soos om saam met jou geliefde in te trek (getroude geliefde, natuurlik). Dit kan nie gou genoeg gebeur nie. Dit voel net asof elke minuut wat van mekaar af weg gespandeer word, 'n leeftyd van sekondes is wat wegtik. In die woestyn moes Moses 'n tydelike tabernakel oprig vir die interaksie om onmiddellik te begin totdat die permanente tabernakel voltooi was.

Sodra die meer permanente tabernakel voltooi was, moes persone die offers na die tabernakel bring. **Op die skouers van die oortreder moes die offer deur die kamp gedra word**. Ek kan my voorstel hoe sommige mense gestaar en vingers gewys het en goed gesê het soos, "Daar gaan ou Zak alweer. Wonder watter sonde hy hierdie keer gedoen het?"

'n Sekere graad van verleentheid moes verduur word, net soos 'n man wat sy vrou se verjaarsdag vergeet of haar op een of ander manier te na gekom het. Hy moet by die bloemiste stilhou om sy offer op te tel. Wanneer hy by die huis kom, moet hy sagter praat, sy skuld nederig aan sy vrou erken, en smeek vir vergifnis. Hierdie moet alles gebeur, nie om af te takel nie, maar om die verhouding tot hoër hoogtes en sterker krag op te bou.

Natuurlik was die proses soveel makliker met die aankoms van Jesus, deurdat Hy die uiteindelike prys betaal en die perfekte offer geskep het, en ons dit nie self hoef te dra nie. Deur ons te leer hoe om te bid, het ons nie langer die priester of hoëpriester nodig om in te tree nie. Deur die Heilige Gees bereik ons gebede die Allerheiligste plek en Jesus tree vir ons in, ons het direkte toegang verkry. Met hierdie fantastiese toegang na die Skepper van alles, **waarom sal ons nog steeds twyfel,** waarom sal ons nog steeds bang wees, en waarom sal ons nog steeds wonder?

Wanneer ons geroep word om die Drie Engele Boodskap te verkondig, het ons ook hierdie toegang tot belydenis van ons sondes omdat ons nie self daarvan ontslae kan raak nie. Deur nie langer ons sondes te dra nie, is ons nou in staat om instruksies te ontvang oor hoe om die wil van God te doen en hoe om dit doeltreffend te doen. Nie slegs wil God naby ons wees nie, maar Hy wil ook hê dat ons naby aan Hom moet wees. Hy wil hê dat ons ons probleme en besorgdhede na Hom moet bring. **Hy wil ons help in ons soeke** om die evangelie te verkondig en nader aan Hom te kom. In ons tyd en geslag het God dit vir ons moontlik gemaak om Hom te ontmoet sonder om die pelgrimsreis na Jerusalem te maak of om ons offer te dra vir almal om te sien. Net soos die tempel egter aangeval en deur elke vyand beroof was, moet ons nog steeds versigtig wees vir die naderende aanval. Satan wil nie hê dat ons met die Here moet tabernakel nie.

Ook, soos met die Tabernakel in die woestyn, moet ons die poging aanwend om God te ontmoet. Hy sal in ons midde wees, maar ons moet die deure van ons harte oopmaak vir Hom om in te kom. Wanneer ons probleme, onsekerhede en angstighede in die gesig staar, behoort dit nie die tyd te wees om met ons Skepper te tabernakel nie?
Ek wil afsluit met 'n paar verbysterende woorde van Jesus. Ek is dronkgeslaan omdat ek nie kan verstaan waarom enigeen so vergewensgesind kan wees en 'n sondaar soos ekself wil hervorm nie. Johannes 14:23 sê, "As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak."
**Ons tyd om meer toegewyd met die Here te tabernakel, is nou**.

*Lr Nico is met die pragtige Quanette getroud en hulle het twee kinders, Nicolette en Quintin. Hy is 'n gebore visserman - van vis en siele! Hulle bedien in Brakpan en Springs.*



# EK EN DIE SABBAT

## 'N WONDERWERK SABBAT IN OORLOGGETEISTERDE OEKRAÏNE

**deur Anthea Sutherland**
**AWR Ambassadeur van Suid-Afrika**



*Anthea en lr Herman Sutherland bedien in Hoedspruit, Phalabora en Tzaneen*

Ek en my man, Lr. Herman, het vrywillig aangebied om as 'n paartjie te dien in Oekraïne in uitreiking deur Adventiste Wêreldradio (AWR), maar nadat die plek, wat aan ons opgedra was, gebombardeer was, het ons gedink dit was 'n teken van die Here dat ons nie moet gaan nie. Maar toe het Sue Hickle van AWR ons geskakel  en vir ons gesê het dat die groep wat opgedra was om na Chernivtsi te gaan, nie meer gaan nie en dat hulle weer vrywilligers nodig gehad het, Hierdie keer sou dit egter op twee verskillende plekke wees. Ek en Herman moes nou apart gaan werk en nie saam as 'n span nie!

Ons het ons weer tot gebed gewend. Die Here het ons gedagtes gelei en dat Hy ons die wysheid sou gee en ons tonge sou aanraak. Ons huistaal is Afrikaans, en nou was ek gevra om vir die eerste keer in Engels te preek. Dit sou gebaseer wees op die 17 Ontsluitende Bybelprofesie onderwerpe. Ek was opgewonde maar senuweeagtig oor hierdie moeilike situasie! "Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my." Jesaja 6:8 was ons bevestiging.

In Oekraïne was ons uitdaging om veilig by ons bestemming te kom en te vertrou dat indien die Here ons daar wil hê, Hy ons daar sou kry.  Om volle vertroue en uithouvermoë te hê ten spyte van omstandighede en om onsself te herinner dat God ons ten volle in Sy hand het, ten spyte van die daaglikse ontploffings en waarskuwingsirenes wat ons hoor.

### Die Grootste Hindernis - Taal

Ons moes heeltemaal vertrou dat die vertalers korrek sou vertaal en dat die Here die Een is wat begrip sou bring.

Dit was 'n nuwe ervaring vir ons toe ons na Oekraïne te gaan om mense te ondersteun tydens 'n volskaalse oorlog. Slegs die Here ken die tyd en die uur, en die rede waarom ek dit op so 'n manier stel, is omdat vyf programme plaasgevind het in Chernivtsi, die ander vyf in nedersettings van die streek, naamlik, in die dorpies van Mamaivtsi, Nedoboivtsi, Kamyana, Kadubivtsi en Klishkivtsi.

Elke dag het die program 'n spesifieke doel gehad: 'n aand van gebed vir Oekraïnse verdedigers en hulle gesinne of 'n aand van vriendelikheid. Die respondente van die program het menslike hulp ontvang, maar die belangrikste was dat die program morele en sielkundige ondersteuning gebied het.

Deur die aandbyeenkomste met die Bybelse boodskap: "Openbaring Bring Hoop," kon die mense 'n beter begrip kry. Ons, die tien predikers, het by tien verskillende kerke bedien. Ons het saam met die gemeentes gebid en met Teologiese studente saamgewerk wie ons vertalers was.

Ons was, daarom, ook in staat om gebede en berading aan baie van die vlugtelinge te bied. Hierdie mense se gebedslewens is so sterk, en hulle loof God deur alles wat hulle in hierdie tyd van nood ondervind; hulle is nog steeds vol moed en het met ons gedeel dat hulle nie die oorlog verwag het nie; dit duur al vir meer as 'n jaar al.

# SABBAT EN EK (VERVOLG)




*Die kerk waar Anthea gepreek het*

### Die Wonderwerk op Sabbat

‘n Groot wonderwerk het gebeur gedurende my tweede Sabbatdiens by my kerk, Chernivtsi Konferensiekerk No. 9.

‘n Soldaat van die oorlog het ingekom en baie verward gelyk, maar wou vrede vind. Ek kon die lyding op sy gesig sien en kon slegs ‘n paar woorde van bemoediging bied voordat ek met die preek begin het.

Daardie spesiale Sabbat was die onderwerp, “Gesondheid”, en toe ek met die preek begin het, was hierdie man nie gefokus nie, maar ek het oogkontak met hom behou en ‘n stille gebed gebid. Ek kon sien dat halfpad deur die preek sy kleur en vreugde besig was om terug te keer, ‘n Hoër Vrede het op hierdie man gekom, sodat sy sagte glimlag in sy hart teruggekom het en kalmte deur die Heilige Gees oorgeneem het, en sy gees was weer verhef tot nuwe hoop.

Daardie Sabbatmiddag het ek op my knieë gegaan. Ek het voorberei vir die aand by die huis van een van die kerkfamilies, die Vasylivnas, en Tetyana, ‘n spesiale vriendin wat ek van God ontvang het, en haar man, Ilya Vasyliovych. Ek die Here gevra: “Here, U het vir ons gesê dat U wag vir ons om groot dinge te vra, en ek wil vir U hierdie groot guns vra: Mag U dit vir my moontlik maak om in hierdie lesing van vanaand die harte van die gemeente te sien? Wanneer ek vanaand met die mense praat, om tot hulle harte te spreek sodat hulle kan verstaan.”

My onderwerp "Openbaring Onthul die Geskiedenis se Grootste Klug – Die Verandering van die Sabbat," was belangrik en ek moes staatmaak op die vertaler. Daar het ‘n oomblik gekom toe ek woorde met die gemeente gedeel het oor die weerstand teen diegene wat die Sabbat van die Bybel onderhou. Hier (wonderwerk na wonderwerk) kon ek “hoor” dat die vertaler nie die spesifieke punt korrek vertaal het nie, en ek het hom gestop en gevra om hierdie stelling meer duidelik te maak. (Dit kon slegs God gewees het wat my die begrip gegee het dat die vertaler dit nie reg vertaal het nie – ek het nie hulle taal gepraat nie!)

Ek het die boodskap herhaal. Boris Demchuk, my vertaler het my gestop en gevra of ek hom verstaan het en kan ek dan Oekraïnees praat? Hoe anders kon ek verstaan het wat hy gesê het? Skielik het ek in ‘n taal gepraat wat die nie-Engelse mense verstaan het!


n Opgewonde vlaag gesprekke het in die kerk opgevlam, sommige gemeentelede het uit hulle stoele opgestaan.. Ek het vir hulle gevra of hulle my verstaan, en hulle het heelhuids getuig:” JA!” Ek kon slegs sê: “Slava Bohu”– wat beteken “Aan God die Eer!”

Hierdie lesings was ook opgeneem en elke aand uitgesaai, en ek kon daardie aand na die opname gaan en vir myself sien wat daar gebeur het. Nee, ek het nie Oekraïnees gepraat nie, MAAR hulle het my in Engels verstaan! God het hulle ore geopen vir my Engels. My trane het gevloei oor so ‘n wonderwerk, wat bo my begrip was.

Na hierdie Sabbat, het ek gesien dat die gemeente se harte meer oopgegaan het; die meeste van die tyd was ‘n vertaler nie eers nodig nie … Baie het gekom en gevra of ek vir hulle kon bid; sommige het selfs vir gebed gevra in Afrikaans!

My hoogtepunte was om te ervaar hoe honger die mense vir die Bybelwaarhede was en hoe graag hulle wou hê dat daar vir hulle gebid moet word, veral op daardie Sabbat!

TEOLOGIESE GESPREK



# EVANGELISASIE DELUXE

Deur Ir Hendrik de Winnaar

Indien ons vandag in 'n vertrek vol Sewendedag-Adventiste sou vra, "wat is die rede vir ons bestaan?" sou ons 'n hele paar uiteenlopende antwoorde kon hoor, maar waarskynlik sou daar een antwoord wees wat oorheersend dieselfde sou klink. Ons is hier om die boodskap van Jesus se naderende Wederkoms te verkondig. Dit is natuurlik die teoretiese waarheid, maar die opvolg vraag sou kon wees, "hoe sou ons te werk gaan in hierdie taak?"

## Die Eerste Kerk Groei-Ontploffing

Van die vroegste tye van die Christelike geloof het die kerk die opgelegde taak van die verkondiging van die Evangelie van Jesus Christus ernstig ter harte geneem. Die fondasie van die kerk was die Jesus-boodskap. Dit het verskeie hoeke gehad waaruit die kerk dit benader het, maar die twee hooftemas van die vroeë kerk was die verlossingswerk van Christus aan die kruis, en Sy spoedige terugkoms. Kort na die Hemelvaart van die Here spring die dissipels weg met ongekende ywer.

Omtrent 10 dae na die groot gebeurtenis waar Jesus hulle agterlaat, preek Petrus die eerste evangelisasie diens en die eerste bekeerlinge word beraam op omtrent 3000 siele (Hand 2:41). Nie lank daarna nie was daar nog 5000 wat tot geloof in Jesus Christus gekom het (Hand 4:4).

Sederdien groei die kerk met rasse skrede, en toevoegings tot die geloof van individue en menigtes word die goue draad van die boek Handelinge. Die nuwe bekeerlinge, was weer op hulle beurt passievol oor die verkondiging van die Waarheid en selfs te midde van erge onderdrukking, vervolging en uitdagings behou die groei van die Christelike kerk momentum, en aan die middel van die tweede eeu bereik Christendom die getal van omtrent 40 000 gelowiges.

Dit is van hier af wat die groei kumulatief drasties vermeerder. In 200 nC is dit alreeds 170 000 en teen die jaar 300 nC staan die getal Christene in die wêreld op 'n beraamde 2 500 000 wat aanhou van krag tot krag groei.

Vervolg op vlg.bl./

### Die SDA kerk en Evangelisasie

Spring ons omtrent 1500 jaar vorentoe na die 19de eeu, vind ons 'n soortgelyke verhaal. Die Christelike geloof het die hele Westerse wêreld bereik en was baie vinnig besig om in ander ontwikkelende lande te versprei. Nadat 'n groep Christene 'n groot teleurstelling ervaar het toe Jesus nie terugkeer in 1844 soos hulle geglo het nie, bly daar 'n klein groepie agter wat besluit het om verder in Bybelprofesie te studeer. In hulle studies van die Bybel ontdek hulle nie net die werklike betekenis van die profetiese vervulling van 1844 nie, hulle maak ook ander merkwaardige ontdekkings soos die sewendedag Sabbat, die toestand van dood as 'n sieleslaap, God se karakter van perfekte liefde saamgevat in Sy wet, en die oortuiging van die spoedige wederkoms van Jesus Christus.

Aanvanklik het die groepie Christene geen plan gehad om hulle nuwe ontdekkings met die wêreld te deel nie, hulle oortuiging was dat die einde so naby was, dat daar nie tyd was om onder ander gelowiges te evangeliseer nie, hierdie het bekend gestaan as die "geslote-deur teorie". Gelukkig word hierdie oortuiging vinnig afgeskryf nadat die jong Ellen White 'n visioen van God ontvang het wat die nuutgevonde Adventiste beweging aanmoedig om aan die hele wêreld die evangelie saamgevat in die drie-engele boodskap te verkondig. In 1863 organiseer die beweging amptelik as die Sewendedag-Adventiste kerk met omtrent 3500 lidmate. Hierdie lidmate en hulle leiers verkondig die boodskap van die sewendedag Sabbat, die spoedige Wederkoms van Jesus en ander unieke leerstellings met energie en passie.

Oor die laaste 160 jaar groei die Sewendedag-Adventistekerk tot 'n wêreld beweging met meer as 23 miljoen lidmate, en nog vele daarby wat aanbid in SDA gemeentes in amper elke land. Dit sou omtrent 100 jaar neem voor die kerk die miljoen kerf verbysteek, maar die kumulatiewe groei het weereens momentum behou deurdat die taak van evangelisasie aktief aangepak is op verskillende maniere.

Die kerk het verskeie groei fases beleef.

> **NIEMAND WEET WAT DIE VOLGENDE FASE VAN EVANGELISASIE SAL WEES NIE, EN OF DAAR OOIT NÓG 'N NUWE FASE SAL WEES NIE**

In die 1960's-2000's was publieke evangelisasie pogings uiters suksesvol, en het tente samekomste, Bybelprofesie-seminare, en ander pogings baie mense gelok om na dinamiese evangeliste te kom luister en uiteindelik keuses vir God se waarhede te maak. 'n Nuwe era is ingelyf soos die 21ste eeu afgeskop het, DVD Evangelisasie en Christelike TV kanale het 'n magtige medium geword om die Woord van God in elke huis te kry. Die digitale era het egter vinnig uit die blokke gekom, en DVD's en TV kanale moes plekmaak vir platforms op die wêreldwye web. Sosiale media en digitale kanale soos Facebook, Youtube, Instagram en Whatsapp, om maar net 'n paar te noem, het die kommunikasie netwerke van die dag geword. Die nuwe platforms het onbeperkte geleenthede gebring vir evangelisasie, en miljoene mense word bereik deur die materiaal wat op hierdie platforms geplaas word.

### Terug na die Begin

Alhoewel niemand weet wat die volgende fase van evangelisasie sal wees nie, en of daar ooit nóg 'n nuwe fase sal wees nie, eggo die harde geroep van die woorde van Jesus Christus in Matt 28:19 steeds tot elkeen se ore "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle..." Hierdie opdrag is nie net deur die groot sprekers van Jesus se tyd opgeneem nie, dit is nie net deur die apostels aanvaar nie. Almal sou getuies wees van Hom, vir Hóm. Alhoewel die apostels se invloed nooit ontken mag word nie, kan die groei van die vroegste Christelike beweging nie alleenlik aan die predikers van die tyd toegeskryf word nie.

vervolg op vlg. bl./

# TEOLOGIESE GESPREK (VERVOLG)

Die sleutel vir die Christelike kerk se sukses was elke gelowige se gehoorsaamheid aan Jesus se opdrag. So, hoe het hulle dit gedoen? Sonder groot tente byeenkomste, DVD's, TV-kanale en die WWW, hoe kon hulle so suksesvol wees sonder al die moderne tegnologie wat ons vandag gebruik?

Hierdie eerste evangelistiese beweging het gebruik gemaak van Evangelisasie-Deluxe, ook bekend as vriendskap-evangelisasie. Die Christelike kerk se vroeë groei was as gevolg van die eenvoudige omgee wat Christene aan mekaar en ander betoon en uitgeleef het. Dit was nie programme, seminare, en groot byeenkomste wat die primêre rede vir die sukses van die kerk was nie. Dit was gelowiges wat hulle alledaagse lewens geleef het as evangeliste. Waar hierdie mense gewerk, gekuier, gekoop en beweeg het, het hulle dit met die liefde van hulle Here Jesus gedoen. Hulle het vriendskappe gesmee met mense, en deur hulle voorbeeld, omgee, en persoonlike getuienis het hulle, hul vriende gelei om ook vir Jesus te ontmoet.

Dit is geen wonder dat Keiser Julian in die 4de eeu skryf dat die Christendom nie groei omdat hulle probeer groei nie, maar omdat hulle so baie omgee, nie net vir mekaar nie, maar selfs vir die heidene. Die Christendom in sy babaskoene groei met rasse skrede omdat hulle hul geloof aktief deel deur lief te wees vir mekaar en andere. Ook Tertullian die Romeinse skrywer in die 2de eeu merk oor Christene op: "Kyk hoe lief hulle ander het, soveel so dat hulle selfs sal sterf vir ander." Hierdie klein handjie vol Christene verander die wêreld deur hulle onvoorwaardelike omgee-liefde vir mense, álle mense.

**Vriendskap-Evangelisasie Vandag**

Ons kan vandag onsself afvra, is hierdie metode van omgee, liefde, en sorg nog rêrig genoeg? Wat van leerstellings, profesieë, en eindtydgebeure, moet ons werklik tyd mors om vriendskappe met mense aan te gaan? Die antwoord is 'n eenvoudige "Ja!" Die ou gesegde lui, "mense gee nie om wat jy glo totdat hulle glo dat jy omgee nie." Verskeie evangelisasie metodes het oor baie jare al bewys om goeie sukses te hê in getalle.

Uiteindelik is dit vriendskappe en omgee wat die kerk laat groei. Natuurlik wil ons kits resultate sien, en daarom hou ons van programme wat vinnig die resultate kan wys, vriendskap vat tyd, dit verg moeite en energie. Maar dit is uiteindelik wat die kerk suksesvol en langdurig groei.

So, hoe lyk 'n kerk waar vriendskap-evangelisasie plaasvind? Anil Kanda stel voor dat gemeentes alle evangelisasie pogings moet staak, totdat hulle die volgende vrae positief kan beantwoord:

- Hoeveel nie-SDA vriendskappe het jy? Hoe goed is jou verhouding met jou bure, kollegas, kliënte, en familie? Is dit oppervlakkig of glo hulle jy gee om vir hulle?
- Hoe gemaklik is jy om nie-SDA vriende na jou kerk te nooi? Is die mense by jou kerk besoeker-vriendelik?
- Wat doen jy op 'n Sabbatmiddag? Slaap? Kyk DVD's? Of is jy aktief betrokke in die lewens van mense, om uit te reik in jou gemeenskap of tyd saam met mense deur te bring?
- Nooi jy op 'n gereelde basis vriende, beide van jou kerk en buite jou kerk vir Sabbat middagete?
- Wat dink jou vriende en familie van Adventisme?
- Is jy betrokke by enige kleingroep bediening?
- Is jy aktief betrokke by 'n gemeenskaps-uitreiking? Doen jou gemeente meer as net boekies uitdeel op 'n Sabbatmiddag? (Indien hulle selfs dit doen?) Wat van sopkombuise, gevangenis bediening, sentrums vir mishandelde vrouens en kinders, kinderhuise, hospitale, en ontelbare ander geleenthede waar ons prakties kan omgee?

## "DIT IS DALK VANDAG VIR ONS 'N WYSE BESLUIT OM ONS EVANGELISASIE FOKUS TE VERSKUIF"

vervolg op vlg. bl./

# TEOLOGIESE GESPREK (VERVOLG)

Hierdie vrae is nie veronderstel om ons moedeloos te maak omdat die standaard vir omgee te hoog is nie, maar eerder om ons aan te moedig om Jesus se metode van evangelisasie na te streef. Ellen White skryf oor Sy uitreiking na mense soos volg: "Mense kan alleenlik deur Christus se metode suksesvol bereik word. Die Heiland het met mense omgegaan soos iemand wat hulle heil begeer het. Hy het Sy medelye aan hulle betoon, in hulle behoeftes voorsien en hulle vertroue gewin. Daarna het Hy hulle genooi: "Volg My." (Vry vertaal) MH 243.3

Vandag kan ons dankbaar wees vir al die programme, metodes en tegnieke wat ons gemeentes kan toerus om uit te reik na ons gemeenskappe. Maar 'n programgedrewe uitkyk sonder 'n persoongedrewe omgee sal tot min sukses lei. Jesus stel dit onomwonde aan Sy dissipels: "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het" Joh 13:35.

As die metode van vriendskap vir Jesus en die daaropvolgende vroeë kerk so suksesvol was, Dit is dalk vandag vir ons 'n wyse besluit om ons evangelisasie fokus te verskuif van 'n uitsluitlike programgedrewe benadering om bo alle programme 'n persoongefokusde benadering te volg. 'n Benadering wat die persoon in sy geheel raaksien en erken, wat omgee, sorg verskaf, liefde wys en dan nooi, kom volg Jesus.

Dít is Evangelisasie De-Luxe.

### Bronnelys


- Gonzalez, J., 1984, **The Story of Christianity**, Harper, San Francisco.
- Kanda, A., 2023, **'Thoughts on Evangelism - Anil Kanda'.**
- Knight, G., 2012, **A brief history of Seventh-day Adventists,** Review and Herald Publishing Association, Hagerstown.
- Schwarz, R. & Greenleaf, F., 1995, **Light Bearers**, Pacific Press Publishing, Nampa.
- Trim, D., 2012, **Adventist Church Growth and Mission Since 1863: An Historical–Statistical Analysis – PhD thesis,** Andrews University.



Lr. Hendrik bedien tans in die SSPB (Sabbatskool en Persoonlike Bedieninge) departement van die NKSA. Hy het 'n passie vir evangelisasie en Nuwe Testamentiese studies waarin hy 'n honneurs graad het. Hy is tans besig om die familie model van die Nuwe Testamentiese kerk te ondersoek as grondslag vir sy meestersgraad skripsie.

Hy is getroud met Telana en het twee seuns, Reynier (11) en Ruben (8).




# MOBIELE ETES NUUS

## EEN MAALTYD OP'N KEER



**"Geen daad van vriendelikheid, ongeag hoe klein ookal, is ooit vermors nie. Liefdadigheid is die wortel van alle goeie werke!"**

Op 5 September 2023, Internasionale Liefdadigheidsdag, het die Mobiele Etes Gemeenskapsdienste NKSA Area kantoor saam met Heidelberg Mobiele Etes deelgeneem om voedsame maaltye uit te deel aan behoeftiges in die plaaslike gemeenskap. Met die ondersteuning van Mobiele Etes Gemeenskapsdienste SA en die Lesedi Gemeenskapsdienste Departement, kon ons meer as 120 maaltye uitdeel. Dit was 'n ongelooflike vervullende ervaring om die glimlagte op die gesigte te sien van diegene wat die maaltye ontvang het terwyl die werk van die Here gedoen was.

Ons is dankbaar vir Mobiele Etes Gemeenskaps-dienste SA vir hulle milde bydrae van voorskote, wat ons gehelp het om 'n verskil te maak in iemand se lewe, een maaltyd op 'n keer. Heidelberg Mobiele Etes het die heerlike maaltye voorberei.

Die N3TC Mobiele Etes Fietsry Uitdaging is 'n geleentheid wat geskep was om verligting te bring aan bejaardes en minderbevoorregte mense in die Vaal Driehoek gebied.




Die geleentheid vir fondsinsameling het oor die jare gegroei om diegene te ondersteun wat nie hulleself en hulle families kan onderhou nie.

Die resies was te Hoërskool Sedaven in Heidelberg gehou en het twee geleenthede aangebied: 'n 108km resies om 07:30 en 'n 53km resies om 07:00. N3TC het saam met Spectrum Sports Events deelgeneem vir die afgelope 17 jaar om saam te werk om verligting te bring aan die gemeenskap. Milde donasies was ontvang van die deelnemende fietsryers en sal deur Mobiele Etes Gemeenskapsdienste NKSA (MOWCS) aan die takke uitgedeel word wat dit nodig het. Ons bedank ook elkeen wat donasies gegee het en gehelp het om 'n verskil te maak. Ons bedank ook die N3TC, Spectrum Sports Events, en MOCWS spanne vir hulle bydraes tot hierdie sukses. Laastens, bedank ons ons Hemelse Vader wat alle dinge moontlik maak deur Sy wil.

# BAANBREKER-KAMP
# GAAN MET JESUS

**Deur lr John Africa**

**40 Klubs, 8 Dae en Ontelbare Herinneringe**

In die hart van Sedaven, vanaf 1 tot 8 Oktober 2023 het die NKSA Junior Jeug Bedieninge (JJB) se "Gaan Saam Met Jesus" Baanbreker Kamp as 'n veranderende ervaring vir 40 Baanbreker Klubs ontvou. Hierdie jaarlikse gebeurtenis, wat 'n magdom van aktiwiteite en geestelike verbintenisse aanbied, het 'n hemel geword vir jong verstande wat soek na avontuur, kameraadskap, en belangrikste, 'n dieper konneksie met hulle geloof.



*Die pragtige kampgronde by Sedaven*

Die amptelike opening van die Kamp het afgeskop met 'n inspirerende openingsdiens op Maandagaand, geseën deur die teenwoordigheid van die NKSA Ampsdraers, Lr. Peter Maligudu, Lr. Reece Anderson en Br. Gerrit Blignaut, Kantoorpersoneel, NKSA Senior Jeugverteenwoordigers, die Uitvoerende Burgemeester van Lesedi Munisipaliteit, Mnr. Mluleki Nelson Ronald Nkosi, en baie meer. In die boodskap aan die byeenkoms, het Lr. Maligudu 'n Spesiale Geheim (wenk: oor Jesus) met almal by die Kamp gedeel. Die Uitvoerende Burgemeester het die belangrikheid beklemtoon van Christelike waardes en karakterbou, en jong deelnemers aangemoedig om verantwoordelike en produktiewe burgers te word. Hierdie het die toon aangegee vir 'n uitsonderlike week met aktiwiteite wat gesentreer was rondom persoonlike groei, spanwerk, en geestelike ontwikkeling.



*Die vlaghuis-seremonie is 'n trotse Baanbreker tradisie*

Die dae was gepak met 18-21 aktiwiteite wat vir verskeie belangstellings aangebied was – vroeë opstaners het betrokke geraak in verfrissende "Loop vir Pret" sessies en die ondersoek van die natuurskoon van Sedaven. Handwerkentoesiaste het vreugde gevind in kralewerk, maak van kaartjies en seepkuns. Die Kamp het 'n platform voorsien vir leer met verskeie vakhonneurs, wat onderwerpe gedek het van Soogdiere tot Rampreaksie, wat 'n opvoedkundige maar nogtans 'n vermaaklikheidsatmosfeer geskep het.



*Lr John Africa, Direkteur van Junior Jeug Bedieninge*

Avontuurspeletjies, Natuuruitstappies, Boogskiet, en Planetarium besoeke het 'n opwinding tot die ervaring bygevoeg, wat seker gemaak het dat daar geen vervelige oomblik was nie. Fotogeleenthede was volop, wat die glimlagte en kamaraderie van elke dag, vasgevang het



*Die planetarium span met Michelle Garrido en lr John*

# BAANBREKERKAMP (VERVOLG)

Die aande het 'n meer reflektiewe toon aangeneem, met kragtige Bybelkarakter Toneeltjies wat deur verskillende streke aangebied was. Musiek en pret was ingeweef met boodskappe van geloof, wat elke aand 'n unieke mengsel van vermaaklikheid en geestelike voeding gemaak het.

Die oorkoepelende tema van die Kamp, "Gaan Saam Met Jesus" het as 'n leidende lig gedien dwarsdeur die week. Baanbrekers en leiers het die Gebedskamer gebruik en die Pastorale Berader besoek, wie daagliks beskikbaar was. Die Kamp het Baanbrekers en Klubleiers aangemoedig om geloof in hulle daaglikse lewe te integreer, waardevolle lesse gebied om die kompleksiteite van die lewe te navigeer.

Om Sy leiding te soek: In tye van onsekerheid, na Jesus te draai vir leiding deur gebed, meditasie, en studie van Sy leringe kan antwoorde en rigting voorsien. Om op Sy krag te leun: die lewe se uitdagings kan skrikwekkend wees, maar saam met Jesus, is geen las te swaar nie. Sy krag bemagtig individue om hindernisse en teëspoed met veerkragtigheid te oorkom. Vertrou Hom in onsekerheid: Dit is in die haak om nie al die antwoorde te hê nie. Om op Jesus te vertrou, selfs wanneer die pad onduidelik is, bring vrede en versekering dat daar 'n goddelike plan is. Vind vertroosting in Sy teenwoordigheid: Wanneer te staan kom voor oorweldigende situasies, komplekse verhoudings of uitdagende kwessies, om op Jesus te leun vir vertroosting bring 'n diepgaande gevoel van vrede, selfs in die stormagtigste tye.

Die burgemeester se boodskap het dwarsdeur die Kamp weerklink, en dit versterk dat karakterontwikkeling en geestelike groei hand aan hand gaan. Soos wat die week tot sy einde gekom het, het die deelnemers Sedaven verlaat met meer as herinneringe – hulle het 'n sterker geloof ontwikkel, nuwe vriendskappe gevorm, baie speldjies en werktuie ontvang om die lewe se reis te navigeer met Jesus aan hulle sy .

Die NKSA JJB "Gaan Saam met Jesus" 2023 Baanbreker Kamp het 'n hoofstuk in die geestelike reis van elke deelnemer geword en die begin aangedui van 'n lewe wat in geloof en avontuur geanker is.

En so sê ons ...Tot dan, Gaan Saam Met Jesus!



*Dae vol kameraadskap en glimlagte*

*Die kralewerk dames van Orlando-Wes*



# ABUNDANT LIFE VERSLAG 2023

## BRING 'N JAAR MET ABL DEUR

### Deur ABL 2023

Aan die begin van die jaar het die Abundant Life span intensiewe opleiding ondergaan om ons voor te berei, nie slegs vir die res van die jaar nie, maar ook vir die res van ons lewens. Gedurende hierdie tyd word die afleidings van die moderne lewe verwyder terwyl die span in die rustigheid en kalmte van die natuur is. Die span kon persoonlike godsdiens hê waar ons sou leer van God in Sy Woord en Sy skepping. Om tyd in die natuur deur te bring, herinner ons van die soort God wat ons dien. Hy wat die Aarde deur Sy Woord geskape het. Die Span het seminare ontvang wat die pragtige waarhede van die Bybel verduidelik het, veral rakende die karakter van God. Hierdie opleiding het gedien as 'n grondslag waarop ons individuele en span se groei gebou moes word.

Die span het teruggekeer na die kampus om sendingopleiding te ontvang van "Adventist Frontier Missions" saam met 'n groep Brasiliaanse studentesendelinge. Die opleiding het uitgelig hoe 'n persoon die evangelie met andere kan deel wie nie die geleentheid gehad het om die naam van Jesus te hoor nie. As Christene, word aan ons almal die opdrag gegee om te gaan en dissipels te maak van alle nasies; om almal te vertel van God se oneindige liefde. Ons moet hulle egter nie slegs van hierdie liefde vertel nie, maar ons moet dit ook aan hulle wys deur ons lewens..

Hierdie opdrag beteken nie noodwendig dat ons die land moet verlaat om sendelinge te wees nie. Ons kan sendelinge wees reg waar ons is – in ons nasie, gemeenskappe, en huise. Ons lewens mag die enigste Bybel wees wat iemand ooit mag lees, en daarom moet ons verseker dat ons God se liefde uitstraal in alles wat ons doen.

Dwarsdeur hierdie jaar het Abundant Life die geleentheid gehad om deel te neem aan drie kampvergaderings en om die Drakensberg Kampvergadering aan te bied.


Die eerste kampvergadering wat ons bygewoon het, was Sedaven van 6 tot 9 April, waar ons opgedeel was as fasiliteerders onder die babas, kindertuiners, primêres, juniors en tieners. Abundant Life het ook die "Bokse" toneelstuk aangebied op Vrydagaand, wat, deur die werking van die Heilige Gees, baie van die gehoor met die paadjie vorentoe laat kom het toe die oproep gemaak was. Dit was 'n kampvergadering waarin ons gesien het hoe die krag van God menslike harte na Sy liefde trek. Hierdie krag kan in u ook werk, en God kan siele deur u bereik.

Ten spyte daarvan dat die Port Edward Kampvergadering (25-28 Mei) ongelukkig slegs deur die helfte van die span bygewoon was, het ons daarin

*Die 2023 ABL span.*




vervolg op vlg. bl./



*Die "Bokse" toneelstuk het baie harte geraak tydens die. Kampvergadering by Sedaven.*

geslaag om poppekas aanbiedings aan te bied. Ons het gehelp met die fasilitering van die juniors en tieners. Die Limpopo kampvergadering was gehou vanaf 22 tot 25 September, en gelukkig kon die hele span bywoon. Ons het gehelp in die fasilitering van die juniors, tieners en jeug. Ons het ook poppekas aanbiedings gehou, en toneelstukke opgevoer en het video-aanbiedings vir die kampeerders gedoen. Die tema van beide hierdie kampvergaderings was "Ek Sal Gaan." Dit is uiters belangrik dat ons die belangrikheid daarvan om die evangelie met andere te deel, in die toekomstige geslag te verseker. Die uitdaging aan almal, jonk en oud, is om God se oproep te beantwoord en te sê, "Hier is ek, Here. Stuur my."

Een van die jaar se hoogtepunte is die Drakensberg kampvergadering van 12 tot 16 Oktober. Aangebied deur Abundant Life, was die kamp se tema 'Aanskou die Lam', en aan die babas tot die volwassenes, was hierdie tema oorgedra, beklemtoon, verpersoonlik en in die harte en verstande van elkeen vasgelê deur die musiek, seminare, getuienisse en sendingprogramme. Elkeen betrokke het ongelooflik hard gewerk om die kamp se sukses te verseker, maar op die ou end was die enigste Een wie dit kon seën en 'n sukses kon maak, God, wat meer as getrou was om dit te doen. God het 'n lam gekies om Homself te simboliseer. Die vraag mag dus ontstaan, "Waarom 'n lam?" Die prag in die simbolisme van die lam is dat dit God simboliseer as saggeaard en as Een wat nie forseer of dwing nie, maar in plaas daarvan ons deur Sy oneindige liefde na Hom aantrek.

Dwarsdeur die jaar het ons regdeur Suid-Afrika getoer en skole, ouetehuise, hospitale en kerke besoek. Ons programme is opgestel vir elke teikengehoor aangesien dit poppekas vertonings vir klein kinders insluit, asook toneelstukke, praatjies en boodskappe van hoop wat tot ouer groepe spreek

Ons toerveldtog het in Potchefstroom begin en het ook Nelspruit, Hluhluwe, Pinetown, Merebank, Willowmore, Uniondale, Sedgefield, Knysna, George, Riversdale, Kleinmond, Kaapstad, Rietbron en Tzaneen ingesluit. Soos wat die span ondervinding opgedoen het gedurende die toere, het ons meer tuis geraak met die toerlewe en kon baie siele bereik deur ons programme. Ons het die krag van God gesien deur Sy seëninge op die programme sowel as deur wonderwerke en beantwoorde gebede. Die belangrikste les was dat ons een geleentheid, een kans, het om mense se lewens op te helder en aan hulle die warmte en lig van God te bring soos beskryf in Johannes 8:12.

Vanaf 25 Junie tot 1 Julie, het Abundant Life die jaarlikse winter junior- en tienerkampe aangebied. Die span het gehelp in die fasilitering van een van die grootste junior- en tienerkampe wat nog deur Abundant Life aangebied was. Dit tema van die kamp was 'Herbou' maar wat is dit wat ons bou? Die antwoord op hierdie vraag is dat ons die beeld van God herbou, wat deur Satan geskend is. Ons moet hierdie taak volbring nie slegs deur wat ons preek of sê nie, maar wat ons doen en hoe ons ons lewens leef. Die verstommendste ervaring was om te sien hoe die kampers geestelik groei deur die week en pret geniet terwyl hulle dit doen.

Satan het gekom om te steel, te dood en te verwoes, maar Jesus het gekom sodat ons lewe in oorvloed kan hê. Hierdie oorvloedige lewe is 'n geskenk – al wat u moet doen, is om dit te aanvaar. Sal u?

## Sluit aan by ABL 2024

ABL Eenjaar Opleidingsprogram
(Beperk tot 12 persone vanaf 18-26 jaar)
Vir meer inligting kliek hier!

# ABUNDANT LIFE LEIERSKAP KAMP 3 - GESKIEDENIS TOER

# GEROEP OM TE STERF

## Deur Ir Heino Torlage

Onder die droë, dorre grond van Suid-Afrika het groot rykdom weggekruip... of het God dit bewaar vir die regte tyd? Op daardie stadium was ons armoedig en daar was byna geen hoop vir die land nie. Die versteekte rykdom en voorspoed van die land het begrawe gelê. Op 'n dag het 'n blink klip die oggendson se strale gevang en daar het die geskiedenis van SA drasties verander. Dit was in 1867 toe die eerste diamant langs die Oranje Rivier opgetel is deur Erasmus Jacobus. Sy eerste gedagte was dis net `n mooi klippie, maar na `n lang reis met die pos na Grahamstad is bevind dat dit 'n 21.24 karaat diamant was. Dit was die Eureka (dit is gevind!) Diamant genoem. Die enkele, belangrikste diamant in die geskiedenis van Suid-Afrika.

`n Paar jaar later het Johannes Nicolaas de Beer diamante op sy plaas ontdek en die diamant-toeloop het begin; mense van regoor die wêreld het ingestroom om diamante te ontgin. De Beers is 'n maatskappy wat die wêreldwye diamant-bedryf oorheers en is vernoem na Nicolaas de Beer. Hy het dit goedgedink om die rykdom weg te gee. Die nasate van Nicolaas de Beer is vandag steeds in ons kerk.

### Eureka, dit is gevind... rykdom! Maar is dit al wat gevind was?

'n Groep tieners, vergesel deur ABL fasiliteerders, het die pad na Kimberley gevat om meer te leer van die rykdom wat ontdek is, nie soseer die diamante nie, maar wel dat dit ook dan die tyd was wat die waarheid in God se woord ontdek is, Eureka! Ons moes gaan uitvind hoe alles begin het, Hoe God gewerk het en hoe Hy dinge ge-orkestreer het. Net na die ontdekking van diamante, in dieselfde tydperk is die Sabbat in SA "ontdek" deur twee manne: Pieter Johannes Daniel Wessels en George J van Druten.




### Wie was die pioniers van die Sewendedag-Adventistekerk in SA?

Hoe het hulle te werk gegaan om die kerk te bou en hoe het hulle, hulle geloof uitgeleef? Die leierskapkamp is een van 'n reeks van drie kampe wat gehou is. Hierdie kampe is deur Abundant Life ontwikkel om jong geestelike leiers te bou om in God se kerk te dien; om te kan lei met geloof, hoop en liefde. Een van die dinge wat uitgestaan het, was om te sien hoe God sy kerk tot ontkieming en groei geroep het. Hoe Hy mense geroep het, hoe Hy Sy engele gestuur het om leiding te gee, hoe Hy drome gegee het sodat die groot rykdom van Sy waarheid ge-eureka (ontdek) kon word. Die tyd was ryp toe die rykdom, wat onder die grond weggekruip het, ontdek is: so het die Here die ontdekking van die blink klippies gebêre vir Sy kerk om te begin.

### Die ABL Leierskapkampe is gebaseer op Openbaring 12:11

"En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam, deur die woord van hulle getuienis en hulle lewens nie lief gehad tot die dood toe nie." (AFR 53) Die eerste kamp is getiteld: "Geroep om te Groei" ("..deur die bloed van die Lam..."). Hier is ons fokus op die geestelike groei van `n leier en die kamp word gehou in die Drakensberge. Die tweede kamp, "Geroep om te Dien" ("...die woord van ons getuienis...") word gefokus om diensbaar te wees, binne en buite die kerk, en word gehou in Hoedspruit. "Geroep om te Sterf" ("...en hulle lewens nie lief gehad tot die dood toe nie.") is die derde kamp wat 'n toer deur SA is om die geskiedenis van ons pioniers na te vors en om te sien hoe hulle, hulle lewens neergelê het vir die waarheid en die groei van God se kerk.

vervolg op vlg. bl./

# ABL LEIERSKAP KAMP 3 - GESKIEDENIS TOER (VERVOLG)

## Dagboek van die Derde Kamp

**24 September 2023:** Agtien ywerige tienerleiers en vier fasiliteerders het vanaf Filadelfia SDA Kerk vertrek. Eers is 'n draai gemaak by Paul Kruger se huis en daarna by die SID (Suider Afrika Indiese Oseaan Divisie) waar lr Gideon Reyneke ons vertel het van hoe die SDA kerk funksioneer en hoe die SID in die sisteem van die kerk inpas. Daarna is die langpad na Kimberley aangevat waar ons deur lr Ryan en Sensia Landsdown en die gemeente gasvry onthaal is.

**25 September 2023**: Ons besoek die historiese Groot Gat in Kimberley. Dit was oorspronklik Johannes Nicolaas de Beer se plaas wie se nage-slagte vandag nog in die SDA kerk is. Hy het deur `n man met die naam van Gert Scholtz in die waarheid gekom, wat op sy beurt weer deur Pieter Wessels, wie Gert Scholtz se swaer was, oortuig is. Een van die jeugleiers in die groep, Joshua de Beer, is 'n direkte nasaat van Johannes N de Beer. Gert Scholtz het onder andere ook die waarheid aan Paul Kruger vertel, wat dit aangeneem het, maar nooit uitgeleef het nie.

Ons besoek ook die eerste SDA kerk wat in 1890 te Beaconsfield, Kimberley gebou is, `n pragtige sink-en-hout kerkie. Hier word verhale vertel van ons pioniers: William Hunt, die eerste Adventis wat in 1871 sy voet op SA gronde gesit het en Pieter Wessels en George van Druten was die eerste Sabbathouers in SA. In 1885 het hulle by William Hunt `n besoek afgelê en uitgevind dat hulle nie die enigste Sabbathouers in die wêreld was nie, maar dat daar nog 30 000 in Amerika was wat hulleself "Die Sewendedag-Adventiste" noem.

Hulle het `n brief aan die Wêreldkonferensie geskryf met die versoek om sendelinge te stuur. In 1887 het leraar Charls L. Boyd en leraar Dores A. Robinson as die eerste sendelinge na SA gekom. Dan was daar JHC Wilson, die verlore en vergete bekeerling. Niemand weet wat van hom geword het nie. Daar is ook verhale van hoe God mense gelei het en hoe Hy dinge laat uitwerk het sodat sy kerk op SA grond gevestig kon word..




*Die ou pionierskerke is besoek*

**27 September:** Ons eerste besoek was in Wellington op Pieter Wessels se pa (Johannes Jakobus Wessels) se plaas. Hier het die eerste sendelinge tuisgegaan om die strategie uit te werk om die waarheid in ons land te versprei. Wat `n pragtige plaas! In Wellington self het ons die Andrew Murray Nederduitse Gereformeerde Kerk gaan besoek. In die kerk se kerkhof het ons die graf van Johannes Jakobus Wessels gesoek, en tot ons verbasing was dit die grootste en hoogste grafsteen van al die grafte in die kerkhof.

**Donderdag 28 September:** Vandag het ons die eerste kleurlingkerk besoek, Die Salt River gemeente wat gestig en gebou is deur Daniel Theunissen, ons eerste Adventis van ander kleur wat ook die eerste geordende predikant was in sy gemeenskap. Daar in die Salt River kerkie het ons saam met oom en tannie Fisher (gemeentelede) gesing en godsdiens gehou. Daar het ons vir `n oomblik stil gesit en geluister na die passie van ons pionier, leraar Daniel Theunissen wat deur leraar Robinson (sendeling) se seun die waarheid eureka (ontdek) het. Die Salt River kerk is die oudste SDA kerk in SA waar daar nog aanbid word.

Dieselde dag het ons Pieter Wessels se graf besoek en vir tannie Pinky ontmoet. Tannie Pinky Coetzee is die kleindogter van Hendry Wessels, wie 'n broer was van Pieter Wessels. Sy het saam met ons `n gedenkdiens by Pieter Wessels se graf gehou: Met eerbied aan sy lewe wat toegewy was aan God se Woord en Sy kerk, en met dank verskuldig aan hom wat die eerste stap geneem het om God se kerk in ons land te vestig. Joshua en Janfrik het deur die oorspronklike begrafnisbrief gelees, Adriaan het `n lied gesing en daarna het ons almal

vervolg op vlg. bl./

# ABL LEIERSKAP KAMP 3 - GESKIEDENIS TOER (VERVOLG)



saam gesing “Come, Jesus, Come”. As dit nie was vir `n man soos Pieter nie was ons kerk moontlik nie vandag waar dit nou is nie. Maar Pieter was gehoorsaam aan die stem van die Here. Na die gedenkdiens is ons almal na tannie Pinky se huis, wat haar oupa Hendry se vakansiehuis in Vishoek was, en daar is ons met `n heerlike middagete bederf.



**Vrydag 29 September:** Ons besoek die pragtige kerk in Roelandstraat. Dit was die tweede SDA kerk in SA en die eerste een in Kaapstad gebou. Dit is die mooiste gebou met nog die oorspronklike afwerkings. Die kerk is ingewy op 17 April 1892. Met toestemming van die huidige eienaar kon ons `n vinnige besoek aflê om ons groep se godsdiens vir die dag daar te hou.  Hierdie historiese kerk het nog die oorspronklike doopbad in die verhoog en die pragtige hout trappe wat oplei na die aan-biddingsaal. Toe die stemme gehef is in sang kon ons, onsself inleef hoe ons pioniers uit volle bors gesing het. `n Stukkie geskiedenis van God se hemel op aarde is ge-eureka. Die kerk se onderste vlak was oorspronklik gebruik vir die eerste kon-ferensiekantore en een van die lokale was gebruik as die eerste drukkery.

Na die ondervinding by die Roeland Kerk is ons na die EG White Sentrum wat in die Pieter Wessels biblioteek is op Helderberg Kollege. Daar kon ons verskeie dinge beleef.In die brandkluis was afskrifte van haar oorspronklike boeke en briewe wat EG White geskryf het, `n replika van die Bybel wat sy vir `n halfuur in die lug vasgehou het met een hand. Dit was `n ondervinding om deur die sentrum te stap en te sien hoe God se profeet geroep is en ook om Ellen White se betrokkenheid te sien in die ontwikkeling van die kerk in Suid-Afrika.



**Sabbat 30 September:** Ons het in die Tygerberg kerk aanbid en na middagete het ons tannie Pinky by Rondebosch Common ontmoet, die oorspronk-like plek waar die uitnemende gesondheid-sentrum gebou was wat later afgebrand het (regs).

vervolg op vlg. bl./

Ons het ook na die oorspronklike Claremont Union Kollege gegaan wat die eerste SDA kollege was in SA en wat later verhuis het na Spioenkop in Natal en toe weer verskuif het waar dit vandag is in Somerset-Wes, Helderberg Kollege. Nadat die Unie Kollege verhuis het na Spioenkop is die gebou gebruik vir die SPA drukkery.  Vandag is dit `n mediese sentrum. Tannie Pinky kon weer vir ons baie stories vertel. Ons het die Sabbat afgesluit met kitaar en sang op Seinheuwel, met die rooi sonsondergang oor die Atlantiese Oseaan.




**Sondag  1 Oktober:** Ons vat die pad na Mosselbaai en draai eers by Hermanus in om na die walvisse te kyk. In Mosselbaai het ons die Dias Museum besoek, Dias was die man wat die eerste kruis in SA geplant het, en Christenskap na ons land gebring het in 1487.



**Maandag 2 Oktober:** Vroeg uit die vere om aan te doen in Oudtshoorn. Daar het ons vir oom Norman van Druten ontmoet wie se oupagrootjie, George van Druten is en wat saam met Pieter Wessels die Sabbat eureka (ontdek) het in SA. Weer het ons na stories geluister van ons pioniers  - vars uit die mond van die pioniers se nageslag. Van Oudtshoorn is ons deur Meiringspoort om die voetspore van Noag se vloed te bekyk. Vroegaand het ons by Langkloof SDA kerk gestop waar die hele gemeente vir ons gewag het in sang en gebed. Soveel moeite was gedoen om ons te vertel van hoe die waarheid in die Langkloof ge-eureka is en hoe die kerk gebou is. `n Ryk geskiedenis van die kerk lê in die Langkloof.



**Dinsdag 3 Oktober:** Naby Grahamstad en Port Alfred is die SDA Rokeby Park kerk waar ons vir 'n oomblik stilgestaan het. Dit is die derde SDA Kerk wat in SA gebou is.  'n Interessante verhaal van hoe David Tarr na Kimberley gegaan het en deur Pieter Wessels die waarheid ge-eureka het.  David is terug huistoe in Grahamstad en het die waarheid met sy familie en vriende gedeel.  So is die Rokeby Park kerk gebou uit hout en sink. Die kerkie het oor die jare verouderd en is vir veiligheidsdoeleindes afgebreek. `n Replika is deur Simon Hawkins in Port Alfred gebou waar die huidige Kowie Park Kerk is. Hier het ons `n helde ontvangs gehad deur die gemeente met `n heerlike ete saam met van die lede en het ons in die kerk aanbid. Wat `n pad het ons pioniers nie gestap nie. Hul geloof was so sterk, niks was moeite nie.

**Woensdag 4 Oktober:** Ons kuier by Bethel Kollege en leer die lang geskiedenis van Richard Mokko, die eerste swart bekeerling tot die waarheid en ook 'n predikant in die SDA kerk. Eers was dit die Maranatha Sending, toe het dit verhuis na Spioenkop Kollege en tien jaar later na Butterworth waar dit vandag die Bethel Kollege is. Ons leiers het daar vir `n wyle op die gras gespeel en ontbyt saam geëet. Dit was `n lang pad van daar tot in Amanzimtoti.

**Donderdag 5 Oktober:** Die tweede laaste dag van ons toer is ons in Pietermaritzburg. `n Ryk geskiedenis van ons kerk, dis hier waar die kleinste konferensie ooit gestig is in die geskiedenis van die SDA kerk wêreldwyd, die Natal Transvaal Konferensie, met slegs twee gemeentes, een in Pietermaritzburg en een in Johannesburg. Die werk het begin deur `n kolporteur wat Bybelstudies gegee het by `n sanatorium van `n Duitse man met die naam van A.C C. Beisner. In 1905 is die eerste kerk gebou in Stranackstraat. Ons het die voorreg gehad om die kerk te besoek en weereens na verhale geluister van ons pioniers en hulle geloof, die passie en die groei van die kerk.

Later die middag het ons op `n plaas gestop naby Spioenkopdam waar ons die ruïnes besoek het van Spioenkop Kollege. Dit was `n ondervinding om uit die ou foto's die verkillende geboue te identifiseer. En daar in een van die staande bouvalle het ons, ons tema lied gesing, "Come, Jesus, Come... we have waited too long."

**Sabbat 7 Oktober:** 'n Volle sirkel kom tot wasdom want by Filadelfia kerk lewer ons getuienisse en deel stories wat ons op hierdie toer geleer het. Ons kon getuig van ons pioniers se geloof wat onwankelbaar was. Ons het getuig van hoe die Here in ons lewens gewerk het die afgelope twee weke terwyl ons die pad van ons pioniers gestap het en hulle geloof bestudeer het, en hoe ons as jong leiers ons geloof moet uitleef. Daar is soveel diamante in die woord van God wat ons moet Eureka en daardie diamante maak leierskap van geloof.

Ons het darem nie net geskiedenis geleer nie, nie maar ons was ook op Tafelberg, met `n boot op die see om die robbe te besoek in Houtbaai, die Kangogrotte, 'n volstruisplaas en het ook heerlike roomys, roosterkoeke en pizza-pasteie geniet!



Deur die lang ure op die bus het ons diep en intieme besprekings gehou, oor geloof en wat dit beteken. Elkeen het `n kans gehad om uit te lei in godsdiens, elkeen het `n verantwoordelikheid gehad om die toer vlot te laat verloop, elkeen het `n kans gehad om hulle leierskap te laat groei.

As ons sou vergeet van waar ons vandaan kom, hoe sal ons weet waarheen ons oppad is?

*My ondervinding was fantasties en dit was een van die lekkerste kampe wat ek al ooit op was. Ek weet nou waar my kerk se geskiedenis vandaan kom en hoe ons geloof hier gekom het. Eduan*

*Ek het hierdie kamp verskriklik geniet. Ek het nie geweet daar was so baie pioniers in ons kerk nie. Julia*

*Wat vir my uitgestaan het, was hoe die Here al die pioniers gebruik het en hoe hulle geloof 'n voorbeeld vir ons elkeen kan wees. Janfrik*

*Hierdie kamp was baie besonders want dit het so baie gepraat oor nederigheid en hoekom dit so belangrik is vir n leier. Nikolas*

*Die kamp het my uitgedaag om 'n sterker geloof in God te hê soos die wat ons pioniers gehad het. Gabriella*




Indien jy van ABL se kampe wil bywoon, hou hul webtuiste dop vir meer inligting oor opkomende geleenthede!
(kliek hier👆🏼👆🏼)

# KINDERHOEKIE

# Dapper

- Met Tannie Estelle Baker

Hallo maats!

Welkom by ons eie kinderhoekie! In 'n wêreld waar dinge is wat ons kan bang maak, kan ons kies om dapper te wees, want ons weet: God is by ons en sal ons help.

## Wat is moed?

Moed beteken om dapper te wees !

Om iets te doen wat jou selfs sou bangmaak....

## Wat sê die Bybel?

Deuteronómium 31:6, "Wees sterk en vol moed: wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die Here jou God wat saam met jou trek: Hy sal jou nie begewe of verlaat nie."

Wel, moet nooit moed opgee nie en hou aan probeer totdat jy slaag!

Dit neem moed om dinge te doen wat jy nog nooit vantevore gedoen het nie.

Miskien leer jy om 'n fiets te ry, en jy is bang dat almal vir jou sal lag as jy probeer.

Miskien praat jy 'n vriendelike woord met iemand of vertel 'n vriend van God se liefde vir hulle, maar jy is baie skaam.

Jy sal so gelukkig binne in jou voel dat jy dapper genoeg was om voort te gaan om iets te doen wat moeilik is vir jou.

# STORIE Tyd

Deuteronómium 31:6, "Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die Here jou God wat saam met jou trek: Hy sal jou nie begewe of verlaat nie."

## Drie Dapper Seuns



Sadrag, Mesag en Abednego was drie jong manne wat gevange geneem was in Babilon, saam met Daniël en baie ander. Koning Nebukadnesar het hulle aangestel om in sy hof te dien. Koning Nebukadnesar het 'n groot goue standbeeld gemaak van homself. Hy het dit opgerig en baie belangrike mense het van oral oor die koninkryk gekom na die toewyding van sy standbeeld.

Al die mense het voor hierdie standbeeld bymekaar gekom en 'n harde uitroep gegee, "Die koning beveel dat elke keer wat julle hierdie musiek hoor, moet julle neerval en hierdie goue standbeeld van die koning aanbid. En enigeen wat nie neerbuig nie sal in 'n brandende vuuroond gegooi word om dood gebrand te word.

En so het dit gebeur dat wanneer die klank van die musiek ookal gehoor was, mense neergeval en die beeld aanbid het. Maar nie almal het gehoorsaam nie ... Sekere mense het vir die koning gesê, "U het beveel dat ons almal moet neerkniel wanneer die musiek gespeel wod, maar sommige gehoorsaam nie. Sadrag, Mesag en Abednego gehoorsaam nie die koning se bevel nie. Hulle weier om die goue beeld te aanbid!"

# STORIE Tyd

## Drie Dapper Seuns

Deuteronómium 31:6, "Wees sterk en vol moed: wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie: want dit is die Here jou God wat saam met jou trek: Hy sal jou nie begewe of verlaat nie."

Die koning was woedend en het die manne laat roep. "Is dit waar dat julle nie my bevel gehoorsaam en die beeld aanbid nie? Luister nou na my. Volgende keer wanneer julle die musiek hoor, sal julle neerval en my aanbid, en alles sal goed wees. Indien julle dit nie doen nie, sal julle in die brandende vuuroond gegooi word.

Sadrag, Mesag en Abednego het geantwoord, "Ons sal nie hierdie beeld aanbid nie. Die God wat ons dien, kan ons uit die brandende vuuroond red, en Hy sal ons uit u hand red."

Nebukadnesar was oorweldig met woede. "Maak die vuuroond sewe keer warmer, bind hierdie manne vas, en gooi hulle daarin!"

Sadrag, Mesag en Abednego was vasgemaak en in die vuur gegooi. Dit was so warm dat die hitte die manne wat hulle in die vuur gegooi het, dood gebrand het.

Toe was Nebukadnesar verbaas. "Het ons nie drie manne ingegooi nie?"

"Ja," het sy manne gesê.

"Maar daar loop vier los manne in die vuuroond. Die vierde man se beeld is soos die Seun van God." Nebukadnesar het die manne in die vuuroond geroep, "Sadrag, Mesag en Abednego, julle diensknegte van die Allerhoogste God, kom uit die vuuroond."

Sadrag, Mesag en Abednego het uit die vuuroond geloop, heeltemal ongedeerd!

Nebukadnesar het 'n wet gemaak dat Sadrag, Mesag en Abednego hulle God kon aanbid en dat enige mens wie teen hulle God sou spreek, gestraf sou word.

# WAAR OF ONWAAR


| | WAAR | VALS |
|---|---|---|
| 1. Sadrag, Mesag en Abednego is in die oond gegooi omdat hulle van die koning gesteel het. | | |
| 2. Koning Nebukadnesar het 'n goue standbeeld gemaak wat almal beveel is om te aanbid. | | |
| 3. Die oond is sewe keer warmer as gewoonlik verhit voordat Sadrag, Mesag en Abednego binne gegooi is. | | |
| 4. Sadrag, Mesag en Abednego is deur Daniël uit die oond gered. | | |
| 5. Koning Nebukadnesar het 'n vierde figuur in die oond gesien saam met Sadrag, Mesag en Abednego. | | |
| 6. Sadrag, Mesag en Abednego het vir die koning gesê dat hulle God hulle uit die vuuroond sou red, maar selfs al sou Hy dit nie doen nie, sou hulle steeds nie die goue beeld aanbid nie. | | |
| 7. Die mans wat Sadrag, Mesag en Abednego in die oond gegooi het, is deur die vlamme doodgemaak. | | |
| 8. Sadrag, Mesag en Abednego het heeltemal ongedeerd uit die oond gekom, sonder selfs die reuk van rook op hul klere. | | |



Vra 'n ouer persoon om jou antwoorde na te sien

# BLOKKIESRAAISEL








## DWARS

1 Die koninkryk waar die drie mans as gevangenes geneem is (Daniël 1)
6 Die drie mans is as straf hierin gegooi (Daniël 3)
7 Abednego se oorspronklike Hebreeuse naam voordat hy 'n Babiloniese naam ontvang het (Daniël 1:6-7)
8 wat die drie mans geweier het om aan enigiemand behalwe die ware God te doen (Daniël 3)
9 Sadrag se oorspronklike Hebreeuse naam voordat hy 'n Babiloniese naam gegee het (Daniël 1:6-7)

## AF

1 Die koninklike bevel wat deur koning Nebukadnesar uitgevaardig is (Daniël 3:10)
2 Die koning wat die bou van die goue standbeeld beveel het (Daniël 3)
3 Nebukadnesar het 'n goue een hiervan opgerig vir almal om te aanbid (Daniël 3)
4 God het dit gedoen deur die drie mans uit die brandende oond te red (Daniël 3)
5 Mesag se oorspronklike Hebreeuse naam voordat 'n Babiloniese naam toegeken is (Daniël 1:6-7)


# Vurige oond Kunswerk



## Wat jy nodig het:

- Templaat op witkaart/papier
- Inkleur potlode of kryte.
- Skêr
- Gom
- Rooi, geel en oranje weefselpapier

## Wat om te doen:




Kleur die templaat bladsy in. Vou in die middel.




Sny rondom Sadrag, Mesag en Abednego en plak in plek.



Plak rooi, geel en oranje weefselpapier om vlamme te skep. Laat dit droog word.





# Dapperheid Knapsak

Ons gaan "Dapperheid Toerusting" maak om moed te hê wanneer ons in die moeilikheid kom

koevert
papier of karton
lint of sterk lyn
skêr
gom
potlood







**Metode**

- Kry 'n koevert, of maak jou eie deur 'n vel papier te gebruik en die kante aanmekaar te plak, laat 'n flap aan eenkant, soos 'n gewone koevert.
- Jy sal 'n lint (of 'n stuk sterk lyn) nodig hê wat omtrent een-en-'n-half keer die mate van jou middellyf het.
- Sny die versies hieronder uit en plak dit op uitgesnyde stukkies karton. Jy kan meer versies in die Bybel opsoek en dit ook op karton plak en by jou kaarte voeg.
- Sit die kaarte in jou koevert.
- Vou die flap van die koevert agtertoe. Plak die flap vas en steek die lint of lyn daardeur. Bind nou die koevert om jou middellyf vas.
- Dra jou dapperheid toerusting en lees die versies wanneer jy 'n bietjie moed en aanmoediging nodig het om jou te herinner dat God aan jou kant is!

| | |
|---|---|
| **2 Kronieke 15:7 DB**<br>Vertrou op die Here. Moenie moedeloos word nie. Julle sal vir julle werk beloon word! | **2 Korintiërs 12:9 DB**<br>Toe sê die Here uiteindelik vir my: My goedheid is vir jou genoeg. Dit is al wat jy nodig het. My groot krag word sigbaar in jou lewe wanneer jy swak en hulpeloos is. |
| **Eksodus 14:14 DB**<br>Wees julle maar net kalm. Die Here sal in julle plek veg. | **1 Timoteus 6:12 DB**<br>Veg daardie geveg voluit deur naby aan God te bly. |
| **Efesiërs 6:10 DB**<br>As Christene moet julle in hierdie lewe sterk staan, maar julle kan dit alleen doen as julle naby aan die Here bly. | **Filippense 4:13 DB**<br>Vir alles in die lewe, die goeie of die slegte, sien ek kans omdat Jesus my bron van krag is. |

# DIE KOBRA EN DIE MUISHOND



**Vertel deur**
**tannie Adele van der Merwe**

Daar was 'n pappa en 'n mamma wat op 'n berg in die Kaap gewoon het, en wat moes dorp toe reis om 'n paar benodigdhede vir die huis te gaan aankoop.

Hul pragtige klein babatjie het rustig in sy bedjie geslaap en die mamma wou hom nie wakker maak en saam neem om die moeilike bergpaadjie na die dorp toe aan te pak nie. Die mamma het toe besluit dat sy haar babatjie by die huis sou  los om verder te slaap terwyl hul dorp toe sou gaan, want ouma was immers naby genoeg, sommer net in die volgende kamer, om darem 'n ogie te hou oor die klein babatjie en sy sou kort-kort by sy kamer inloer.

Die familie het 'n mak Kaapse muishond gehad wat by hul  binne in die huis gewoon het. Die muishond het langs die babatjie se bedjie gebly terwyl hy geslaap het.



Terwyl die babatjie rustig geslaap het, het daar 'n groot Kaapse kobra slang ingeseil by die oop venster. Die kobra slang het eers net op die vloer rondgeseil en toe skielik op die seuntjie se bed begin opseil.

Die muishond het dadelik opgespring toe hy die kobra sien en het gesien dat hy gereed gemaak het om die babatjie in sy lang sterk stert op te krul om hom saam te dra as prooi. Die muishond het dadelik opgespring en die kobra slang blitsvinnig gegryp en weggetrek van die seuntjie se bed af. Die kobra slang het op die vloer geland en dadelik sy kop opgelig en sy kop soos 'n bakkie opgeblaas en begin sis en gereed gemaak om die muishond te pik, sodat hy kon voortgaan om sy prooi, die babatjie, te neem.

Die muishond was nou 'n groot bedreiging vir die groot kobra slang wat homself gereed gemaak het om met sy groot mond met die skerp tongetjie en tande, te spoeg.

Vervolg op vlg. bl./

# DIE KOBRA EN DIE MUISHOND (VERVOLG)

Die muishond het egter besef dat hy die groot kobra slang vinnig van kant moes maak anders sou hy die babatjie pik en sy dodelike gif sou hom vinnig laat sterf en dan sou hy hom wegneem as sy prooi. Die muishond het met sy blits vinnige bewegings na die kobra gestorm en hom met sy vlymskerp tandjies gebyt, en nog 'n keer gebyt en nog 'n keer gebyt....tot die kobra gaan stillê het en morsdood was.

Ouma het die geluide gehoor wat uit die babakamer gekom het, en het gehardloop om te gaan kyk wat aangaan.

Terwyl mamma en pappa tegerlykertyd terug van die dorp af, gearriveer het van hul inkopietog af, het ouma uitgeroep en hul het hul gehaas na die babakamer.

Hulle het gesien dat die dooie kobra op die vloer gelê het en het besef dat hul mak muishond hom doodgemaak het en hul baba gered het van 'n wrede dood af.

Hul was baie dankbaar vir hul dapper muishond, dat baba veilig was en dat die kobra nie sy sin gekry het om hom weg te dra as sy prooi nie.

**Die Bybel leer ons:**
**Wie in die Bybel word die slang genoem?**
Openbaring 20:2 En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is.

**Wat het die slang gedoen?**
Genesis 3: Die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het. In Genesis 3 vertel die Bybel vir ons dat die slang was gebruik deur die Satan om die mens te verlei, want Hy wou die mens, vir wie God so lief is, vernietig. Satan, die slang, het die mens, verlei in sonde in. Hul is toe uit die tuin van Eden gedryf en het begin sien wat beteken die dood, pyn en hartseer. Die dood sou nou mag oor hul hê....God wou hul hierteen beskerm.



**Die Satan wil ook vir ons vernietig, maar Jesus, sal dit nooit toelaat nie en het 'n plan gemaak om ons te red van die Satan en die dood se mag af.**

vervolg op vlg. bl./



**Wat het God gedoen?**
Maar God is so lief vir sy skepsel, die mens, dat Hy 'n Redder, Jesus, gestuur het om die mens te red van die slang en die gevolge van dit wat die slang gedoen het, sodat hul die dood kan oorwin deur Hom.


Genesis 3: 14 – 15: Toe sê die Here God aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe. En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

God het toe Sy Seun, Jesus, gestuur om dit wat die Satan gedoen het teen te kom werk. Na Jesus se geboorte, word Hy versoek deur die Satan, maar Hy oorwin elke keer vir die Satan. Hy word uiteindelik gekruisig, maar Hy oorwin die dood wat die Satan gebring het, deur uit die graf uit op te staan, en daarna het hy opgevaar na die hemel en het vir ons 'n plek gaan voorberei en Hy gaan weer terugkom om ons te kom haal en daarna na Hom toe te vat. Daarna gaan Hy vir ons 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde skep, waarin dood, hartseer en pyn, wat van die ou slang, die Satan, af kom, nie meer sal bestaan nie.

Dan sal die Satan en sy werke uiteindelik vir ewig verwoes wees. Jesus het teen die Satan geveg en hom oorwin.



**JESUS WEN teen die SLANG, die SATAN! En ons wen saam met Hom!**
*Psalm 91: 9 - 14*
*Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken.*



# INTERESSANTE FEITE OOR DIE KAAPSE MUISHOND EN DIE KAAPSE KOBRA



## KAAPSE KOBRA



## KAAPSE MUISHOND

| | |
|---|---|
| Ook genoem Geelslang of Koperkapel, Grootte: lengte van 1,4 – 1,9 meter. | Ook genoem Kaapse Klein Grys Muishond "mongoose", Grootte: 55-75 cm lank. |
| Lê ongeveer 8 – 20 eiers op 'n slag, en broei dit uit. | Kry ongeveer 2-3 babatjies op 'n slag, lewendig gebore. |
| As jong slange uitbroei is hul ongeveer 34cm – 40 cm lank, totaal onafhanklik. | Jong, harige babatjies word na omgesien en gevoer totdat hul na hulself kan omsien. |
| Unieke eienskap: Een van die giftigste slange in Afrika. Baie aggresief tydens paar seisoen.Vervel en seil letterlik uit ou droë vel uit, 3 – 5 keer per jaar. | Unieke eienskap: Blitsvinnige bewegings, baie dik vel, nie immuun teen slang gif nie, maar nie bang vir die slang nie en verloor selde die geveg. |
| Dieet:<br>Knaagdiere, Voëls, klein diertjies. | Dieet:<br>Insekte, knaagdiere, voëls, amfibieë, klein reptiele, vrugte. |


**Kliek hier om na 'n geveg tussen 'n muishond en 'n kobra te kyk of gaan na:**
**Cobra vs. Mongoose | National Geographic op YouTube**

# DIE MUISHOND EN DIE KOBRA (VERVOLG)



Hierdie is een van Tannie Adele se gunsteling stories. Tannie Adele is getroud met leraar Riaan van der Merwe, en hulle het drie seuns wat al groot is. Tannie Adele werk  vir die President by die Konferensie.   Sy hou baie van lees, diere en die natuur. Sy het 'n groot liefde vir God en al Sy kinders en sy vertel graag kinderstories.

# KLEUR DIE PRENTE IN EN VERTEL VIR IEMAND DIE STORIE



My Naam: ____________

# WAT IS JOU OPINIE?

**Wat (of wie?) wil jy graag in KONTAK sien?**

**Help ons om BETER te wees! Vul hierdie vinnige vraelys in:**

https://us10.list-manage.com/survey?u=1590382e55a87ad10719b39ab&id=c7cfee3cb2&attribution=false

